

## HOOFSTUK 5

# DIE DEBAT OOR BELHAR IN DIE WÊRELDWYE KERK, IN DIE NG KERK-FAMILIE EN DIE TEOLOGIE VAN KARL BARTH OOR GEREFORMEERDE BELYDENISSE

In Hoofstuk 3 is aangedui dat die Belhar Belydenis kan funksioneer as instrument wat 'n groot bydrae kan lewer tot die NG Kerk (en die NG Kerk-familie) se pad van inheemswording in Suid-Afrika (en wyer). Die NG Kerk se roeping tot inheemswording is één motivering om die Belhar Belydenis ernstig op te neem en te vra: Wat kan gelowiges in Suider-Afrika leer uit hierdie geloofsantwoord op die Evangelie (Belhar Belydenis) vanuit Gereformeerde bodem? Waar Suid-Afrika die ontmoetingspunt van Westerse, Afrika- en Oosterse wêreldbeelde is, kan die Belhar Belydenis 'n deur oopmaak tussen gelowiges van hierdie verskillende agtergronde, en so die Kerk in Suid-Afrika help met haar missionêre taak.

In Hoofstuk 4 het dit na vore gekom dat die Belhar Belydenis toenemend gesien word as 'n struikelblok in die weg van eenwording<sup>1</sup> in die NG Kerk-familie. In hierdie hoofstuk (5) gaan na twee aspekte hiervan gekyk word, omdat die dilemma waarin die eenwordingsgesprekke tans vasgeval het, die funksionering van die Belhar Belydenis as missionêre dokument vir die NG Kerk-familie belemmer. In die eerste plek gaan die besware teen die Belhar Belydenis van nader bekyk word om die aard daarvan te ondersoek. Tweedens gaan Karl Barth se teologie van Gereformeerde belydenisse uiteengesit word as 'n moontlike uitweg uit die inwendige teenstrydigheid van die herenigingsgesprek.

Voor daar met hierdie twee besprekings begin word, moet eers bepaal word of dit enigsins nodig is dat die mense wat teen die Belhar Belydenis gekant is, daaraan aandag behoort te skenk. Uit die realiteit van die weerstand teen die belydenis, die verskillende maniere van resepsie van 'n belydenis en die wêreldwye debat wat bestaan, sal vier redes verskaf word waarom die NG Kerk nie kan bekostig om Belhar te ignoreer nie. Die rol wat die missionêre waarde van die belydenis speel, sal hierin duidelik gemaak word.

---

<sup>1</sup> Eenheid, vereniging en hereniging is drie terme wat in die NG Kerk-familie gebruik word om die proses van nader-beweeg-aan-mekaar te beskryf. Selfs oor hierdie terme is daar by sommige verskil van opinie. Vir die doel van hierdie studie word die drie terme as wisselvorme van dieselfde begrip gebruik.

## 5.1 Die realiteit van weerstand teen die Belhar Belydenis

Daar is egter een realiteit wat nie misgekyk kan word nie: sedert die Belhar Belydenis in 1982 as konsep opgestel is, en in 1986 deur die NGSK aanvaar is as belydenis, bestaan daar sterk weerstand teen die dokument in die NG Kerk, die RCA en dele van die NGKA.

Binne die raamwerk van die gesprekke oor kerkeenheid in die familie van NG Kerke is hierdie weerstand in die NG Kerk duidelik sigbaar. *Kerkspieël* rapporteer in hul opsommende verslag oor *Kerkhereniging en Homoseksualiteit: ondersoek onder gemeenteleiers binne die NG Sinodes van Noord-, Suid- en Oos-Transvaal* (Augustus 2005) dat 15% respondente<sup>2</sup> Belhar as konfessie aanvaar en positief daaroor is, vir 10% is daar tog een of ander vorm van waarde in die belydenis, maar nie op die vlak van die drie Formuliere van Eenheid nie en vir 36% is die belydenis onaanvaarbaar (om verskeie redes). Ten minste in die Sinodes Noord van die Vaalrivier beteken dit dat slegs 'n kwart (15%+10%) van alle gemeenteleiers die moontlikheid het om die missionêre waarde van Belhar te ontgin, terwyl meer as twee derdes (36%) skynbaar nie enige waarde daaruit wil put nie.

As gevolg van hierdie kritiek, moet eers die vraag gevra word: *Gaan Belhar toegelaat gaan word om 'n bydrae te lewer in die NG Kerk-familie?* Dit help nie dat hierdie studie die missionêre waarde van die belydenis ondersoek, maar die weerstand teen Belhar maak dat dit *per se* gesien word as 'n dokument wat in die NG Kerk vermy moet word nie.

## 5.2 Aanvaarding, erkenning en ondersoek van 'n belydenis

Die ontvangs, erkenning of aanvaarding (*reception*) van 'n belydenis kan op verskillende vlakke plaasvind. Naudé (2003) bespreek die ontvangs van die Belhar Belydenis vir die periode 1982 tot 2000 en onderskei tussen volle aanvaarding (*full reception*), erkenning (*recognition*) en ondersoek (*explication*) van 'n belydenis. *Volle aanvaarding* van 'n belydenis sluit normaalweg 'n kerkregtelike aksie in, waar die ontvangende kerk die dokument deel maak van hul kerkorde, en waar dit in 'n wyer sin gebruik word in kategese en die liturgie van die kerk. *Erkenning* van 'n belydenis is eintlik 'n voor-fase van die proses van volle aanvaarding, waar die belydenis erken word as gedeelde geloof, maar nog nie amptelik (juridies) aanvaar is nie. Die *ondersoek* van 'n belydenis is 'n eerste kontak daarmee met die doel om te kyk watter verdere aanvaardingsprosesse kan plaasvind.

---

<sup>2</sup> Die vraelyste van 226 predikante, 2026 ouderlinge, 1194 diakens en 483 ander lidmate is verwerk vir die verslag.

Hy maak die opmerking dat nie alle kerke sal vorder tot die punt van 'n volle aanvaarding van Belhar nie, aangesien nie alle kerklike tradisies gebruik maak van belydenisse in hul kerkorde nie: "The ecumenical church consists of many for whom the full reception of any text as confessional text would at this stage in principle be impossible" (Naudé 2003:408). Voorbeelde hiervan is die Rooms Katolieke Kerk en die familie van Ortodokse kerke. Die belangrike punt wat hier gemaak word, is dat 'n kerk waarde uit Belhar kan put, sonder dat daardie kerk die belydenis amptelik as deel van die kerkordelike belydenisbasis opgeneem het.

Die vraag is, kan 'n kerk wat in beginsel Belhar in hul belydenisbasis kan opneem, maar dit (nog) nie aanvaar het as belydenis nie, op 'n ander manier waarde daaruit put? Is dit nie waar dat enige dokument wat tot op die vlak van 'n aanvaarde belydenis van een of ander kerk binne die Gereformeerde tradisie gevorder het, beslis van waarde kan wees vir 'n ander Christelike kerk nie? Daardie dokument sou tog nie deur 'n hele kerk as belydenis aangeneem word, as dit nie een of ander belangrike bydrae maak tot daardie gelowiges se verstaan van hul geloof binne hul besondere omstandighede nie. Dit beteken dat gelowiges in die NG Kerk heel waarskynlik baie kan leer deur die Belhar Belydenis te bestudeer, self al word die belydenis nie amptelik as een van die belydenisse van hierdie kerk erken nie. Dit geld ook vir die NGKA en die RCA, of vir enige ander kerk in Suid-Afrika, selfs wêreldwyd.

Die lesings van Karl Barth in 1934 oor belydenisse (in *The Theology of the Reformed Confessions*), en sy latere opmerkings daaroor in *Kirchliche Dogmatik*, wys duidelik hoe sy bestudering van verskillende belydenisse sy teologiese denke gevorm het. Die volgende aanhaling stel treffend hoe belydenis in die (universele) Kerk tuiskom en deel vorm van 'n oop debat:

Confession in the most general sense is the accounting and responding which in the Church we owe one another and have to receive from one another in relation to the hearing and receiving of the Word of God. Confessing is the confirmation of that common action. I have not heard and received alone and for myself, but as a member of the one body of the Church. In confessing, I make known in the Church the faith I have received by and from the Word of God. I declare that my faith cannot be kept to myself as though it were a private matter. I acknowledge the general and public character of my faith by laying it before the generality, the public of the Church. I do not do this to force it on the Church in the peculiar form in which I necessarily hold it, as though I were presuming either to want or to be able to rule in it, as though I were presuming either to want or to be able to rule in the Church with my faith as it is mine. On the contrary, I do it to submit it to the verdict of the Church, to enter into debate with the rest of the Church about the common faith of the Church, a debate in which I may have to be guided, or even opposed and certainly corrected, i.e., an open debate in

which I do not set my word on the same footing as the Word of God, but regard it as a question for general consideration according to the Word of God commonly given to the Church. But because my confession is limited in this way, I cannot refrain from confessing, I cannot bury my talent. Irrespective of what may come of it whether it may be shown that I have received ten talents or only one – I owe it to the Church not to withhold from it my faith, which can be a true faith only in community with its own, just as conversely it cannot be too small a thing for the Church, in order to assure itself afresh of a true faith in the community of faith, in order to miss anything in its encounter with the Word of God, to take account even of my confession of faith and to enter into a debate which is open on its side as well.

(Barth 1956:588-589)

Hiervolgens moet 'n belydenis wat gemaak is, aan die Kerk beskikbaar gestel word, en omdat die Kerk alles wil doen om soveel moontlik die Skrif ("Word") te verstaan, moet dit so ontvang word, maar as 'n oop debat, nooit geslote nie. Die debat bly oop omdat die Kerk altyd onder die gesag van die Woord staan, en die gesag van 'n belydenis is ook hieraan onderworpe. Op geen stadium in Barth se beskrywing word van 'n die Kerk (Liggaam van Christus) verwag om 'n belydenis amptelik te aanvaar as belydenis van daardie kerk nie. Inteendeel, Barth hou aan praat van "my confession". Hiermee word belydenis nie gerelativeer nie, maar op sy regmatig plek geplaas, naamlik in die midde van die universele Kerk. Vir die dilemma waarin die NG Kerk-familie hul ten opsigte van die Belhar Belydenis bevind, is hierdie perspektief baie waardevol. Hier word 'n balans gehandhaaf tussen die gee van 'n belydenis en die ontvangs daarvan. 'n Kerk stel 'n belydenis van haar geloof op omdat die Woord van God haar daartoe verplig, maar dan word die belydenis die eiendom van die "public of the Church". Dit bly dan deel van 'n oop debat en word nooit 'n vorm van dwang nie: "I do not do this to force it on the Church in the peculiar form in which I necessarily hold it". Aan die ander kant mag die Kerk nie eenvoudig hierdie belydenis ignoreer of verwerp nie. Daar moet in erns en met 'n oop gemoed na die belydenis gegaan word en na die waarde daarvan gesoek word. Die belangrikste waarde van 'n belydenis is dat dit my geloof in die gemeenskap van gelowiges versterk en daarom mag die belydenis nooit minderwaardig ("too small a thing") vir die Kerk wees nie, want gelowiges mag dalk net tot 'n dieper insig in die Woord van God kom daardeur.

Net so moet die waarde, en spesifiek die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die kerke in Suid-Afrika, en veral die NG Kerk nie onderskat word nie. In wat hier volg, word nie net gekyk na kerke wat Belhar amptelik erken as belydenis nie, maar ook na ander aanvaardingsprosesse wat in die ekumeniese kerklike gemeenskap aan die gang is rondom Belhar. Hierin sien mens die "open debate" wat aan die gang is oor die Belhar Belydenis.

### 5.3 Die oop debat in die universele Kerk oor die Belhar Belydenis

Naudé (2003) wys hoe daar reeds op al drie bogenoemde vlakke met Belhar gehandel is deur verskillende kerke tussen 1982 en 2000. Hy noem die volgende:

#### VOLLE AANVAARDING:

- (i) Die NGSK het Belhar tussen 1982 en 1986 bestudeer, en in 1986 ten volle aanvaar as 'n vierde belydenisskrif.
- (ii) Die NGKA het in Julie 1991 Belhar aanvaar (hoewel dit later deel was van die hof-dispuut met 'n deel van die NGKA).
- (iii) Met die vorming van die VGKSA in 1994 is Belhar aanvaar as deel van die konfessionele basis van die nuutgestigte kerk.
- (iv) Die Verenigde Protestantse Kerk in België (VPKB) wat die Protestantse Kerke in België sedert 1979 saambind, was sedert 1988 in vennootskap met die Belydende Kring en sedert 1994 met die VGKSA. Hierdie kerk het in 1998 die Belhar Belydenis tydens die Sinode te Paturages aanvaar.

#### ERKENNING:

Die NG Kerk het in 1990 erkenning aan die Belhar Belydenis gegee, al was dit met 'n mate van weerstand.

#### ONDERSOEK:

- (i) Die *Reformierten Bund* en die *Lippische Landeskirche* in samewerking met die *Evangelisch Reformierte Kirche* in Duitsland het begin met 'n studie en ondersoekproses van die Belhar Belydenis in Mei 1998. Hierdie proses is steeds aan die gang en daar is reeds 'n dokument daaroor gepubliseer met die titel: *Das Bekenntnis von Belhar und seine Bedeutung fuer die reformierten Kirche in Deutschland*.
- (ii) Die Gereformeerde Ekumeniese Raad (GER) is in 1988 deur die NGSK gevra om Belhar as Belydenis te erken (in Harare) met die gevolg dat sommige lidkerke begin het met 'n ondersoek van die belydenis.

Hoewel dit 'n handige indeling is, gebeur die aanvaardingsprosesse in die Kerk nie altyd so netjies binne die raamwerk van Naudé se drie onderskeidings nie. Kerke het die vryheid om op hul eie

manier Belhar vir hulself te verwerk, en daar het sedert 2000 ook weer verdere ontwikkelings plaasgevind op ekumeniese gebied:

(iii) Uit 'n epos-gesprek met Prof. Dr. LJ Koffeman in 2007, kom die stand van die Duitse proses met die *Evangelisch-Reformierte Kirche*, die *Lippische Landeskirche* en die *Reformierte Bund* na vore. Die sekretaris-generaal van die *Reformierte Bund*, Pastoor D. Hermann Schaefer, het vir die sinode van die *Evangelische Kirche Deutschland* (2000) 'n ekumeniese profiel van die *Reformierte Bund* beskryf, waarin hy ook die Belhar Belydenis ter sprake bring. Die verhouding tussen die *Reformierte Bund* en die VGKSA word bepaal deur die wedersydse erkenning van die Teologiese Verklaring van Barmen en die Belydenis van Belhar as uitdrukkings van die geloof van hierdie kerke. Die Belydenis van Belhar word gesien as model vir 'n "nuwe omgang met het belijdend profiel van het christeljk geloof", en daarom as 'n "inhoudeljk zwaartepunt van het oecumenisch beleid van de Reformierte Bund". In die nuwe diensboek van die *Reformierte Bund* (1999) is die teks van Belhar opgeneem as belydenis te midde van ander geloofsbelydenisse (Reformierte Liturgie, p.127-129). Die aanvaarding van die Belydenis van Belhar deur die Duitse susterkerke uit die Gereformeerde tradisie hou dus in die praktyk in dat die Belydenis in 'n ooreenkoms met die VGKSA erken word, en ook dat die teks van die Belydenis 'n plek ontvang het in die liturgie van die kerk.

(iv) In Nederland het die Belhar Belydenis ter sprake gekom by die kerke in die *Samen op weg* sinode. Die vraag oor die betekenis van Belhar is bespreek in die trio-sinode van 2 Desember 1999. Verdere vrae wat deur die Nederlanders ondersoek word, is: Wat hou 'n belydenis in, en wat is belydenis in ons tradisie? Watter kriteria kan geformuleer word om te bepaal of 'n belydenis wat (soos die Belydenis van Belhar) deur 'n susterskerk in 'n ander konteks aanvaar is, opgeneem kan word in die geloofsgoedere van die Protestantse Kerk in Nederland? Kan die Belhar Belydenis in die lig daarvan as belydenis opgeneem word in hul (Nederlandse kerke se) kerkorde, en indien wel, hoe?

Binne die huidige bespreking oor die vrae by punt (i) hierbo, word in diepte ondersoek ingestel na vrae soos: Wat is die funksie van 'n belydenis?; Hoe konteksgebonde is 'n belydenis?; Wat hou die aanvaarding van 'n belydenis in, en wat nie?; Wat is die uiteindelijke kriteria aan die hand waarvan, of dan waarvan nie, besluit kan word om 'n belydenis in 'n toekomstige kerkorde op te neem? Hoewel hierdie bespreking in die Nederlandse Protestantse kerke by die Belhar Belydenis begin het, loop dit ook nou uit op die formulering van 'n beleid ten opsigte van die belydenis-aard van hierdie kerke in hul eenwordingsproses. As daar in gedagte gehou word dat mens hier met kerke vanuit die protestantse tradisie te make het, is hierdie proses van groot belang vir die missie van dié kerke in die Nederlandse samelewing. Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis is dus dat dit die gesprek rondom die betekenis en funksie van eietydse belydenisse laat herlewe in Nederland – net soos dit die geval is in Suid-Afrika met die familie van NG Kerke.

(v) In Malawi is daar by die CCAP (Church of Central Africa Presbyterian) Nkhoma Sinode 'n fyngemoetheid vir die betekenis van Belhar as 'n dokument wat eensyds vir hulle samelewing op 'n nuwe manier die appél van die evangelie verwoord, amper as 'n sendingdokument na die burgerlike gemeenskap van Malawi (missionêr), en andersyds "resoneer" hoe die kerke self dink oor die spesifieke sake van eenheid, versoening en geregtigheid volgens die Skrif (uit onderhoud met Johan Botha).

(vi) Ander kerkverbande in lande soos Mosambiek raak deur hul kontak met die Sinodale Getuieniskommissie (waarvan Johan Botha lid is) al hoe meer bewus van Belhar en die waarde daarvan vir hulself.

(vii) In 1991 is die Belhar Belydenis as 'n geskenk oorhandig aan die Kerk van Christus onder die Tiev in Nigerië (onderhoud: J Botha). Botha is oortuig daarvan dat die Belhar Belydenis besig is om 'n weg te vind in Afrika.

(viii) Daar word reeds die afgelope paar jaar in die Reformed Church in America (R C America) oor die Belhar Belydenis besin. Die algemene sekretaris van die R C America het vroeër vanjaar by hul Sinode beweer dat die grootste uitdaging vir hul kerk vandag is om die oorgang vanaf 'n gevestigde na 'n missionêre kerk te maak: "The most critical challenge facing the Reformed Church in America today is making the transition from being a 'settled' denomination to becoming a missional church," said general secretary Wes Granberg-Michaelson in his report to synod." 'n Missionêre kerk, is volgens hom 'n kerk "that places its commitment to participate in God's mission in the world at the centre of its life and identity." Hy redeneer verder dat, teologies gesien, die Belhar Belydenis hul kan help om die aard van die kerk in die huidige missionêre eeu te verstaan. In sy pleidooi dat die R C America Belhar voorlopig moet aanvaar vir bespreking, sê hy:

Belhar will complement our other three confessions because of its biblically grounded focus on racial reconciliation, unity, and justice. It confesses the Word in the midst of the world, and it would theologically undergird our missional witness in the future. ...The credibility of our witness to the gospel in a missional future will be judged by whether, in our own life, we are building a community that makes manifest the power of Christ to overcome the barriers of racial divisions."

(Webblad van R C America:

<http://www.rca.org/NETCOMMUNITY/Page.aspx?&pid=3031&srcid=2059>)

Hiermee wys Granberg-Michaelson uit dat die Belhar Belydenis van groot waarde is om die Kerk te help in haar besinning oor haar missie in 'n (Amerikaanse) wêreld wat vasgevang word in die vraag oor die verskille tussen rasse-groepe. Die geloofwaardigheid van die kerk se getuienis word verbind aan die mate waarin die Kerk in die toekoms daarin sal kan slaag om die versperrings wat

deur rasse-skeidings ontstaan het, te bowe te kom. As dit waar is van die Noord-Amerikaanse samelewing, hoeveel te meer is dit nie waar van die Suid-Afrikaanse samelewing nie? Deel van die missie van die Kerk is om, in haar eie woorde, dade en bestaan (dink aan Newbigin se *word, deed and being*) die boodskap te bring dat, in Christus en deur die oë van Christus, almal op gelyke voet voor God die Vader staan, ongeag taal, geslag, sosiale stand of ras. Ten opsigte van die missie van die Kerk in 'n ras-verdeelde samelewing, het Belhar verseker ook missionêre waarde vir die NG Kerk (en NG Kerk-familie) in Suid-Afrika. Die *Christian Reformed Church* het tydens die laaste sinode (12 Junie 2007) dialoog oor die Belhar Belydenis in die lidgemeentes aangemoedig (sien webtuiste: <http://www.crcna.org/news.cfm?newsid=176>), en die *Presbyterian Church of the USA* beveel die belydenis aan vir nadenke, studie en reaksie: "The 216th General Assembly (2004) commends the Belhar Confession to the church for reflection, study, and response, as a means of deepening the commitment of the Presbyterian Church (U.S.A.) to dealing with racism and a means of strengthening its unity." (Web: <http://www.pcusa.org/theologyandworship/>).

(ix) Doktor Douglas Pratt van die Universiteite van Waikato en Auckland in Nieu-Seeland het saam met Professor Piet Naudé die moontlikhede ondersoek waarop die Anglikaanse en Metodiste Kerke (in Nieu-Seeland) sou kon antwoord op die Belhar Belydenis vanuit nadenke oor hul eie hedendaagse situasie (sien Naudé & Pratt 2003:421). Hul artikel, *South speaks to South: a New Zealand response to the 'kerygma' of Belhar*, is 'n goeie voorbeeld van hoe die Belhar Belydenis toegepas kan word op 'n heel ander situasie as in Suid-Afrika, waar dit handel oor die verhouding tussen die Maori's en die nasate van die koloniste in die Nieu-Seelandse kerke vandag. Volgens Naudé en Pratt is een van die uitdagings waarvoor Belhar die Kerke in Nieu-Seeland stel, om versigtig te wees vir 'n onkritiese aanvaarding van 'n "polities-korrekte" beleid wat neerkom op 'n bi-kulturele samestelling van die kerk (*biculturalism*). Hul stem saam dat Belhar kulturele diversiteit erken en bewaar, maar kulturele ideale en ideologieë wat voorrang bo die evangelie geniet, word ten sterkste verwerp. Belhar is 'n protes teen die eiesoortigheid, die geïsoleerdheid en die kulturele oorheersing van die Nieu-Seelandse konteks – iets wat die Nieu-Seelandse kerke kan laat wegdryf van hul kerklike families in die wyer gemeenskap. Dit word treffend gestel:

Belhar challenges the particularity, insularity, and cultural hegemonies of the New Zealand context, hegemonies that risk dividing the Churches in New Zealand from their own wider familial fellowships. This is particularly a risk currently for Methodism; it is less so for the Anglicans, although they have been subject to the criticism that in adopting an ethnically structured constitution they have become an apartheid church of sorts.

(Naudé & Pratt 2003:430)



Die skrywer vind dit baie ironies dat 'n vriend hom meegedeel het dat hy na Nieu-Seeland emigreer, onder die indruk dat hy van die Suid-Afrikaanse rasse-kwessie kan ontsnap, terwyl daar in werklikheid dieselfde vraagstukke in die kerk na vore kom as in Suid-Afrika. Net soos in Suid-Afrika maak Belhar ook in Nieu-Seeland 'n bydrae tot die missie van die kerk binne 'n multi-rassige samelewing.

In 'n gesprek met Dr. Coenie Burger (Februarie 2007) is aan hom gevra wat hy dink die grootste waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk is. Sy antwoord is dat dit die NG Kerk kan help om in lyn te bly met kerke van Gereformeerde tradisie wêreldwyd. Daarom, meen hy, is dit belangrik dat die NG Kerk groot erns maak met die belydenis. Uit die voorafgaande beskrywing is dit duidelik dat die Belhar Belydenis nie gesien moet word as 'n geïsoleerde, onbelangrike belydenis wat deur 'n klein kerkie in afsondering aangehang word nie. Dit moet eerder gesien word as die verwoording van die Gereformeerde geloof wat binne 'n bepaalde tyd en onder bepaalde omstandighede, nie net aan die NGSK nie, maar ook aan die wêreldwye kerk gegee is, om haar missie in die wêreld van vandag beter te begryp, te verwoord en beter uit te leef.

Die voorbeelde wat hierbo genoem word is bedoel as 'n aanduiding van hoe wyd die Belhar Belydenis se invloed strek. Dit is geensins 'n volledige uiteensetting van kerke wêreldwyd wat die waarde van Belhar ontdek nie, want kerke vind op verskillende vlakke en op 'n groot verskeidenheid van maniere aansluiting by die belydenis. Die groter-wordende bydrae wat Belhar wêreldwyd maak, is besig om 'n ongekende momentum op te tel. Hierin word die ekumeniese missionêre waarde van die Belhar Belydenis in sy geheel onderstreep.

Vir 'n buitestaander moet dit baie vreemd voorkom: in dieselfde land waarbinne 'n NG Kerk (NGSK) 'n belydenis opstel, is daar sterk weerstand van ander lede van die familie van NG Kerke wat weier om dit as belydenis te aanvaar. Intussen is daar al hoe meer kerke wêreldwyd wat hierdie belydenis ontdek as van waarde vir hul omstandighede. Dit bring die bespreking by die vraag: om watter redes behoort die NG Kerk-familie erns te maak met die Belhar Belydenis?

## 5.4 Redes waarom die NG Kerk-familie Belhar nie kan ignoreer nie

Daar is verskeie redes waarom 'n gemeente, ring of sinode in die NG Kerk-familie nie bloot kan verklaar: "Ons is klaar met Belhar"<sup>3</sup> nie. Uit wat tot sover bespreek is, kan die volgende redes uitgewys word waarom die NG Kerk-familie die Belhar Belydenis nie kan ignoreer nie:

### 5.4.1 *Die Belhar Belydenis is die belydenis van 'n mede- Suid-Afrikaanse NG Kerk:*

Of die Belhar Belydenis as belydenis aanvaar word of nie, dit *is* 'n belydenis van die VGKSA. Hierdie kerk staan ook nie los van die NG Kerk nie, dit is een van die vier kerke in die familie van NG Kerke in Suid-Afrika (NG Kerk, VGKSA, NGKA, RCA) – en hierdie kerk het tot stand gekom uit die sendingwerk van (o.a) die NG Kerk. Dit is 'n gegewe dat hierdie vier kerke nader aan mekaar moet beweeg (herenigingsproses), maar die herenigingsproses is nie die *hoofrede* waarom die NG Kerk (en daarmee saam die NGKA en die RCA) na die Belhar Belydenis behoort te kyk nie. Die feit dat *hierdie kerke saam aan een familie behoort* maak dit onvermydelik dat die verskillende lede van hierdie familie erns maak met mekaar se uitsprake, verklarings en geloofsbelydenisse – al is dit afkomstig uit 'n tyd toe hierdie kerke nie *een* was nie. Die verdere implikasie hiervan is dat die vier lede van die NG Kerk-familie ook moet erns maak met dokumente soos die *Laudium Verklaring* (RCA), die *Geloofsverklaring 2000* (NG Kerk) en *Kerk en Samelewing* (NG Kerk).

### 5.4.2 *Die Belhar Belydenis word wêreldwyd al hoe meer erken:*

Wêreldwyd toon verskeie kerke belangstelling in die Belhar Belydenis. Dit wys dat die Belhar Belydenis 'n toepassingswaarde het wat veel wyer strek as die VGKSA, Suid-Afrika en die konteks van apartheid.

### 5.4.3 *Wat kan uit die Belhar Belydenis geleer word?*

Die Belhar Belydenis is die eerste Gereformeerde belydenis wat in Afrika en Suid-Afrika sy beslag het. As kerke regoor die wêreld vandag nog kan leer uit belydenisse wat honderde jare gelede deur die Kerk in Europa geskryf is, hoe kan 'n Gereformeerde kerk in Suid-Afrika beweer dat daar niks by die Belydenis van Belhar geleer word nie? Ter wille van daardie leerervaring kan die NG Kerk-familie nie die Belhar Belydenis ignoreer nie.

---

<sup>3</sup> In die Kerkbode van 7 Mei 2008 verskyn 'n brief : "Die Kerkraad van Darling het eenparig besluit om nie verder gesprek te voer oor die Belydenis van Belhar nie. Die belydenis is nie nodig vir kerkeenheid nie, maar staan eerder in die pad van kerkeenheid en veroorsaak onnodige stryery tussen gelowiges. Die Bybel en die Drie Formuliere van Eenheid is voldoende."

#### 5.4.4 Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis

Daar is reeds aangetoon in hierdie studie dat die Belhar Belydenis groot waarde het vir die gesprek in die NG Kerk-familie oor die missie van die Kerk in die tyd waarin ons leef. Hierdie missionêre waarde gaan nog verder ondersoek word in die res van die studie, maar dit kan nou reeds beklemtoon word dat besinning oor die missionêre taak van die Kerk die belangrikste aspek van enige gemeente, ring, sinode en Kerk is. As die Belhar Belydenis dan een van die instrumente is waardeur die missie van die Kerk beter bepaal kan word, en die inheemswording van 'n Suid-Afrikaanse kerk kan aanhelp, sal die NG Kerk-familie onverantwoordelik wees om dié belydenis te ignoreer.

Met hierdie enkele voorbeelde waarom die Belhar Belydenis nie geïgnoreer mag word deur die Suid-Afrikaanse NG Kerke nie, gaan nou ook kortliks stilgestaan word by besware teen die Belhar Belydenis vanuit die NG Kerk. Die doel daarvan is om 'n aanvoeling te kry vir die sentimente wat rondom die weerstand teen die belydenis heers, sodat daar op 'n relevante wyse vanuit die Gereformeerde siening van belydenisse na 'n uitweg uit die dilemma van die NG Kerk-familie se gesprek oor eenwording gesoek kan word. Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis sal deur hierdie bespreking verder na vore kom.

### 5.5 Besware teen die Belydenis van Belhar vanuit die NG Kerk

Wat is die besware teen die Belydenis? Hierdie vraag kan nie enkelvoudig beantwoord word nie, aangesien besware al op verskeie vlakke en vanuit verskillende oogpunte aangeteken is. In die eerste helfte van 1998 is 'n debat oor die Belhar Belydenis in *Die Kerkbode* gevoer, wat 'n goeie weergawe van die besware van lidmate in die NG Kerk gee. Hierdie debat is geïnnisiëer met die kerkhereniging in die familie van NG Kerke in gedagte. In die *Kerkbode* van 20 Februarie 1998 word in die hoofartikel verduidelik dat die "Algemene Sinodale Kommissie (ASK) van die NG Kerk, en as deel van die lang proses om een kerkverband in die NG Familie tot stand te bring, 'n spesiale inligtingstuk gepubliseer [het], 'Sodat almal een kan wees ...' 2" (:4), wat in dié uitgawe verskyn as inleiding tot "die bestudering en oorweging van die Belydenis van Belhar" (*Die Kerkbode* 1998:4) op versoek van die VGKSA. Dr. Francois Wessels (*Die Kerkbode* 1998:11) gee in die uitgawe van 19 Junie 1998 'n opsomming van die vorige drie maande se bespreking. Hy identifiseer in hoofsaak drie soorte besware teen die aanvaarding van Belhar as vierde belydenisskrif (naas die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls) in 'n verenigde kerk: 1) besware teen die inhoud van Belhar; 2) besware teen die status van Belhar as 'n belydenisskrif; en 3) besware oor die ontstaansgeskiedenis van Belhar. Om te bepaal of hierdie besware van so 'n aard is dat daar nog verder gesoek kan word na die waarde van die Belhar belydenis, is dit nodig om dieper in te gaan op hierdie teenkanting vanuit die geledere van die NG Kerk.

### 5.5.1 *Besware teen die ontstaansgeskiedenis van Belhar*

Wessels meen dat die wyse waarop Belhar tot stand gekom het, waarskynlik vir NG Kerk lidmate die grootste struikelblok is om die Belydenis te aanvaar. Hy haal prof. Pieter Potgieter aan:

Ons kan nie van die historiese konteks van Belhar wegkom nie. Dié konteks is die afkondiging van 'n *status confessionis* omdat apartheid as 'n kettery beoordeel is. Dié staat van belydenis is nooit teruggetrek nie. Soos ek dit sien, beteken dit dat, as die NG Kerk Belhar aanvaar, dit by implikasie sou kon beteken dat hy die siening onderskryf dat die NG Kerk hom aan kettery skuldig gemaak het.

(Wessels 1998:11)

In die derde Hoofstuk van hierdie studie is reeds uitgewys hoe die Belhar Belydenis saam met die besluit oor *status confessionis* en die aanklag van kettery en afgodery by die NG Kerk aangekom het. Meer nog, voordat die algemene kerklike publiek van die NG Kerk te wete gekom het van die Belhar Belydenis, het hulle in Die Kerkbode verneem van die aanklag teen die NG Kerk. Daarom is hierdie besluite in Hoofstuk 4 (punt 4.2.3.b) ontleed en bevind dat dit eintlik as drie afsonderlike beslissings gesien moet word. Indien hierdie beslissings nie so uitmekaar gehou word nie, word presies die teenoorgestelde met die Belhar Belydenis bereik as wat in die vierde paragraaf van die Begeleidende Brief beoog word (sien hoofstuk 4, punt 4.2.3 d). In die aanhaling van Prof. Potgieter hierbo is 'n goeie voorbeeld van die slotsom wat bereik word wanneer die Belhar Belydenis, die *status confessionis*, die aanklag en die aanvaarding van Belhar deur die NG Kerk in een sin gebruik word. Hierin kan ook duidelik die simboliese betekenis wat die Belhar Belydenis vir die NG Kerk het (sien punt 4.2.3.c in hoofstuk 4), gesien word. Waar die NGSK binne 'n konteks van verdrukke geleef het, het die NG Kerk 'n konteks van aangeklaagde beleef. Vir beide was dit negatiewe belewenisse. Die Belhar Belydenis was vir die NGSK 'n uitkoms uit hul verdrukking, maar die die NGSK die bron van hul aanklag!

Wat hier duidelik na vore kom, is die feit dat daar letterlik teenoorgestelde kontekste by die NG Kerk en die NGSK teenwoordig was in hul belewenis van die Belhar Belydenis. Kan daar van mense in die NG Kerk, wat die Belhar Belydenis as so 'n persoonlike aanklag beleef het, verwag

word om die belydenis te onderskryf, sonder dat daar aandag gegee is aan die verskillende maniere waarop die mense in die NGSK en die NG Kerk die konteks beleef het? Sal daar nie nog vir lank gepraat moet word oor hierdie uiteenlopende verskille in ervarings nie? Sal mense nie gehelp moet word om hierdie tyd van woelinge te verwerk, voordat daar sprake kan wees van 'n wedersydse aanvaarding van die Belhar Belydenis en mekaar nie? Vra die Belhar Belydenis nie juis in hierdie geval 'n missionêre en pastorale sensitiwiteit van mense wat die Belydenis as hul eie aanvaar teenoor mense wat die Belydenis as 'n aanklag beleef het nie? Sal so 'n pastorale en missionêre benadering in die kerk nie meer vrug afwerp as 'n persepsie dat die VGKSA onverbiddelik staan by 'n belydenis nie?

Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk het grootliks te make met die wyse waarop mense in die VGKSA – die verlenging van die ontstaanskerk van Belhar – hierdie belydenis in liefde uitleef. Hoewel historiese konteks nie bepaal of 'n belydenis in ooreenstemming met die Skrif is nie, bepaal dit wel of daardie belydenis in mense se lewens 'n rol gaan speel of nie. Wanneer mense 'n negatiewe konnotasie aan die Belydenis heg, is dit moeilik om daardie persepsie te verander. Die sosiologie leer dat die nie eenvoudig is om persepsies te verander nie. Daar is verskeie faktore wat gepaard gaan met die verandering van persepsies, byvoorbeeld: die professionaliteit, betroubaarheid en aanvaarbaarheid van die kommunikeerder; die argumentasie, angs-opwekking, aggressie en konsekwentheid van die kommunikasie; die belangstelling van die hoorder om aandag te skenk aan die saak waaroor persepsie-verandering gesoek word; die toewyding, weerstand en persoonlikheid van die waarnemer; en ander eksterne konnotasies (Sears et al 1988:192-197). Gaan hierdie negatiewe beskouing van Belhar verander word as die VGKSA bloot aanhou aandring op die “onvoorwaardelike insluiting” van die Belhar Belydenis in die konfessionele basis van 'n verenigde kerk?

In hoofstuk 4 (punt 4.3.7) word verwys na prof. Kgatla, moderator van die VGKSA, se opmerkings oor die negatiewe persepsies oor die Belhar Belydenis. Die VGKSA is dus bewus hiervan. Watter positiewe rol speel die VGKSA daarin om die negatiewe persepsies oor die Belhar Belydenis by ander lede van die NG Kerke (en ander kerke) te verander? Wat kan die VGKSA doen? Gee die Belhar Belydenis self nie die antwoord op hierdie vrae nie? Is dit nie juis die missie van die VGKSA om die Belhar Belydenis op so 'n manier uit te leef, dat dit eenvoudig nie meer 'n struikelblok vir gelowiges in Suid-Afrika is nie? Gee die NG Kerk-familie hierdie geleentheid vir die VGKSA deur gereelde kontak?

Hierdie vrae sal nie nou almal beantwoord kan word nie. In die volgende hoofstuk sal gekyk word na verhale van verskillende mense in hierdie verband. Daar sal nou eers gekyk word na die tweede groot beswaar teen die Belydenis van Belhar, naamlik besware teen die inhoud van Belhar.

### 5.5.2 Besware teen die inhoud van Belhar

Volgens Wessels (1998: A11) was dit opvallend dat daar in die debat oor Belhar in *Die Kerkbode* (Junie 1998) relatief min oor die inhoud van die Belydenis gedebatteer is. Vir hom is dit 'n aanduiding dat die inhoud nie die vernaamste probleem vir die teenstanders van Belhar was nie, maar die gebeure, persone en sake wat met Belhar geassosieer word. Die inhoudelike besware wat wel teen die Belydenis ingebring word, handel oor die vierde artikel – oor die geregtigheid van God. Die deel wat die grootste struikelblok veroorsaak, is die belydenis dat “God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat Hy in ‘n wêreld vol onreg en vyandskap op ‘n besondere wyse die God van die noodlydendes, die arme en die veronregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg.” Wessels (1998: B-C11) verwys na JPM Stapelberg wat in die debat skryf: “Die bevrydingsteologie verklaar dan: God is aan die kant van die armes, verdruktes, verontregtes, weduwees en wese, teenoor die rykes en besitters. By implikasie: is God ook téén die gelukkig-getroudes, die kinders wat nie wees is nie?”. “Wat beteken dit dat God ‘op ‘n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en veronregte is?”, vra Wessels (1998: C11) dan. Hy gee die antwoord van die “voorstanders van Belhar” dat dit nie beteken dat net armes hemel toe gaan nie. “Dit wil net sê dat God ‘n spesiale gevoel het vir mense wat veronreg en arm is” (Wessels C11). Hy verduidelik vanuit die eenvoudige uitleg van Belhar wat voorheen deur die NGSK gepubliseer is:

Die wêreld is nie soos God dit wil hê nie. Weens die sonde is die wêreld vol onreg en vyandskap. In hierdie wêreld gaan dit met niemand werklik goed nie, al mal ly op een of ander manier onder die sonde. Tog is daar party mense wat baie meer ly as ander – mense wat siek is, mense wat arm is, mense wat verdruk of veronreg word. God het die hele wêreld baie lief, daarom is Hy jammer vir die hele wêreld wat ly onder die sonde. Hy is soos enige vader wat lief is vir al sy kinders, maar ekstra tyd maak om by die kind te wees wat siek lê ... Net so is God op ‘n besondere manier God van hulle wat ly, sonder dat Hy ophou om ook vir almal lief te wees en te sorg.

(Wessels 1998: C11)

Hy vra of die frase “op ‘n besondere wyse die God van die noodlydende” nie vatbaar is vir misverstand, asof dit bevrydingsteologie is nie, en antwoord dan by monde van prof. Gustav Bam, een van die mede-opstellers van Belhar: “Dit is wel moontlik’...maar...‘moet nie u steun vir die Belydenis terughou omdat hy moontlik misverstaan sou kon word nie....Nie een van ons het dit nog oorweeg om vir Lukas te sê: ‘Lukas, ek aanvaar jou nie, want jy laat die Here Jesus sê, ‘Geseënd is julle wat arm is, want aan julle behoort die koninkryk van God’” (Wessels 1998: C11).

In terme van die inhoud van die Belhar Belydenis is eintlik net een vraag gevra word vanuit die Gereformeerde agtergrond: Is die Belhar Belydenis in lyn met die Skrif?

#### 5.5.2.1 *Stem die Belhar Belydenis met die Skrif en Formuliere van Eenheid ooreen?*

Vir die Gereformeerde kerke is die belangrikste in terme van inhoud dat dit in ooreenstemming met die Woord van God, die Skrif moet wees<sup>4</sup>. *Sola Scriptura* is een van die groot reformasieslagspreuke. 'n Belydenis wat getuig van geloof in die lewende God kan nie anders as om die basis van sy geloofsuitsprake in die Skrif te vind nie. Nêrens (in die Gereformeerde tradisie) sal die slagspreuk *sola confessio* gevind word nie. 'n Belydenis is en bly ondergeskik aan die Woord. Barth stel dit so:

The confession of the Church involves the formulation and proclamation of a definite ecclesiastical understanding of the revelation attested in Holy Scripture. Therefore from the outset the confession and its authority does not stand above or alongside, but as a Church confession under Holy Scripture. Therefore it does not speak by direct revelation, and what it says cannot be a source of revelation for the Church which listens to it.

(Barth 1956:620)

Mens kan verstaan dat daar nie baie oor die inhoud van Belhar in *Die Kerkbode* gedebatteer is nie, want die NG Kerk het lank reeds tot die slotsom gekom dat “die belydenis van Belhar nie as in stryd met die Woord van God of die Gereformeerde belydenisskrifte beskou kan word nie” (Jonker 1993:108). Dit strook met wat in die besluiteregister van die Algemene Sinode van 2004 gesê word: “Die Algemene Sinode het reeds in 1998 gesê dat hy die wesenlike inhoud van die Belharbelydenis aanvaar” (Nederduitse Gereformeerde Kerk 2004 = NG Kerk 2004), asook met

---

<sup>4</sup> Vanuit 'n missionêre hoek gesien, is daar nie baie sin om in die kerk 'n debat oor *quia* en *quatenus* te voer nie, want 'n belydenis is 'n getuigenis aangaande geloof in die lig van die Skrif binne 'n bepaalde situasie. 'n Persoon, gemeente of kerkverband bely geloof binne 'n spesifieke konteks op grond van dit wat die Skrif op daardie oomblik vir daardie persoon, gemeente of kerkverband leer. Dit is deel van die missie van die kerk in die wêreld om te sê hoe sy binne sekere omstandighede aangespreek word deur die Skrif (natuurlik onder leiding van die Heilige Gees). In terme van die “gemeente as hermeneutiek van die evangelie” (Newbigin) is die daad van geloofsbelydenis self 'n gemeente se reaksie op die leiding van die Woord. Dit kan niks anders wees nie. So 'n belydenis begin by die Skrif. Indien die Skrif nie die gemeente aangespreek het nie, sou daar ook nie 'n belydenis gewees het nie. Hierin kom die missionêre waarde van 'n belydenis, en dan ook van die Belhar Belydenis, sterk na vore. As daad van gehoorsaamheid, is 'n belydenis niks anders as 'n deelname aan die *Missio Dei* nie. Die Kerk wat moet bely, het op daardie oomblik geen groter missionêre funksie as juis dit nie: 'n belydenis van geloof binne daardie omstandighede in gehoorsaamheid aan God. Daarom is dit 'n valse vraag of die gesag van 'n belydenis daarin geleë is *omdat* dit in ooreenstemming met die Skrif is, of *in soverre* as wat dit in ooreenstemming met die Skrif is. Die belydenis word gemaak *in die lig* van die Skrif binne 'n bepaalde konteks. Die Skrif, of beter gestel, die lewende Woord van God, inisiëer 'n belydenis – en hierdie Woord is Jesus die Messias wat deur sy Gees en deur die Bybel vir mense 'n ander uitkyk op hul omstandighede gee as wat die gangbare opinie is. Daarom kan hulle nie anders as om hul geloof te bely teenoor die algemene mening van die dag nie. Om dan agterna te vra of daardie belydenis belangrik is *omdat* dit ooreenstem met die Skrif, of *in soverre* as wat dit met die Skrif ooreenstem is 'n anachroniese vraag. Die belydenis is belangrik omdat dit in gehoorsaamheid aan die Woord en Skrif gemaak is. Die Kerk het die missie om geloof te bely, die Heilige Gees sal die oortuigingswerk in die wêreld verrig (Joh. 16:7-11).

die verslag van die Moderamen (bylae 1) vir die Algemene Sinode 2007 waarin genoem word dat die “NG Kerk [instem] met die inhoud en boodskap van hierdie belydenis (dat dit Skriftuurlik is en nie in stryd met die *Drie Formuliere van Enigheid* nie – só is in 1998 en 2002 deur die Algemene Sinode besluit)” (NG Kerk 2007:364 agenda). Die eerste beswaar teen die Belydenis mag dalk die opinie van individue wees, maar dit is verseker nie ‘n beswaar wat namens die NG Kerk gemaak kan word nie.

Daar is ook al studies gedoen om te bepaal of die Belhar Belydenis in ooreenstemming met die Bybel is, maar dit lyk nie asof hierdie studies ‘n groot impak op die debat oor die gesag van Belhar as belydenis gemaak het nie, aangesien “besware vanuit die NG Kerk oor hierdie belydenis...meestal nie aangevoer op grond van die Bybel nie, maar op ander gronde...” (Meyer 1997: 63). Laasgenoemde skrywer het die interpretasie van die Ou Testament in die Belydenis van Belhar ondersoek, en bevind dat “[D]ie bydrae wat die Bybelwetenskappe...tot die debat kan lewer is om aan te voer dat hierdie belydenisskrif inderdaad *repetitio Sacrae Scripturae* is en dat ons dit kan aanvaar as Belydenisskrif omdat...dit ooreenkom met die Skrif” (Meyer:64). In nog ‘n studie oor Bybelgebruik in die artikel oor “eenheid” (artikel 2), word aangetoon dat “[B]elhar...die Skrif getrou [navolg] in sy verstaan oor eenheid” (Daniels 2001:206). Van Niekerk (1996:450) stel dit so: “Die Belydenis wil die weg open tot Skrifwaarhede wat in ons tyd aktueel geword het”.

*Daar kan dus met groot sekerheid gesê word dat die Belhar Belydenis in lyn met die Skrif is, maar hoe is dit dan moontlik dat bekende teoloë en gemeentes in Suid-Afrika beweer dat die belydenis van die drie Formuliere van Eenheid verskil?*

#### 5.5.2.2 *Verskil Belhar van die Formuliere van Eenheid?*

Kyk na die volgende voorbeelde:

...Gesien in die lig van die feit dat die Belydenis van Belhar sake hanteer wat nie in die ander belydenisskrifte van ons kerk genoegsaam verwoord word nie, naamlik versoening, geregtigheid en kerkeenheid, aanvaar ons die Belydenis van Belhar as ‘n vierde belydenisskrif ...

(NG Kerkraad Langebaanweg 1998:A12)

... Belhar is gevolglik nie maar net ‘n aanvulling by die FE [Drie Formuliere van Enigheid - JMdB] nie. Dit is ‘n Belydenisskrif wat in eie reg, egter ‘n ander weg inslaan as die FE. Daarom is dit die belangrikste dokument wat nog ooit op die tafel van die NG Kerkfamilie gekom het. Dit bring ons almal by ‘n kruispad, want wie hom normatief deur die FE wil laat lei, sal hom nie met Belhar kan vereenselwig nie. In die uitmaak hoe ons na die eise van die Skrif kerk van Christus in Suid-Afrika moet wees, sal ons



dié probleem eerlik met mekaar moet deurpraat. As die Belydenisgrondslag uiteenlopende oortuigings huisves, kan die eenheid in die ware geloof nie kom nie...

(R M Britz 1998:E13)

Ons kan nooit die Belydenis van Belhar met die drie Formuliere van Eenheid gelyk stel nie. Daar bestaan diepgaande verskille. Belhar is in elk geval erg tydgebonde, terwyl die Formuliere van Eenheid tydlose Skrifwaarhede deur gee. ... Die Belydenis van Belhar val glad nie in die klas van 'n belydenisskrif nie en bied ook nie 'n grondslag vir kerkvereniging nie. As kerkvereniging afhanklik gestel word van die aanvaarding van die Belydenis van Belhar, kan daar beswaarlik sodanige vereniging wees.

(E P J Kleynhans 1998:B13)

... Hierdie dokument het as 'n sterk verklaring binne 'n bepaalde situasie ontstaan, maar is nie werklik 'n belydenisskrif nie. Dit lê nie op dieselfde vlak as die ander Gereformeerde belydenisskrifte nie, omdat dit nie die volle Raad van God vir die gelowige oopsluit nie. ...

(NG Kerk Joubertina 1998: D8)

Wat uit bogenoemde voorbeelde opvallend is, is dat die "andersheid" van die Belhar Belydenis vir die meeste beteken dat dit nie aanvaarbaar is nie, maar vir sommige is dit juis die rede waarom hulle Belhar aanvaar (sien die opmerking van Langebaanweg NG Kerk hierbo). Hoe moet dit verstaan word?

Naudé (2001:17) verdeel die geskiedenis sedert die Nuwe Testamentiese tyd in "drie vrugbare 'belydenistye'": die vroeë kerk (ongeveer die eerste vier eeue), die Reformasietyd (vir 150 jaar vanaf 1521) en die twintigste eeu (vanaf die Barmen-belydenis in 1934). Die Belhar Belydenis is volgens Naudé (2001) deel van die derde belydenistyd. Hy sê:

Terugskouend was Barmen, naas die vroeë kerk en die Reformasietydperk, die impuls vir 'n uiters vrugbare nuwe era van (formele) belydenisvorming. Hiervan getuig die opname van uiteenlopende konfessies vanuit die ekumene in Choang-Seng Song se bundels *Giving account of the hope today* (1976) en *Giving account of the hope together* (1978), asook die ekumene Likas Vischer se spesifiek Gereformeerde versameling getiteld *Reformed witness today* (1982). Die Kerklike stryd vir en teen apartheid het eweneens gesorg vir die belangwekkende gebeurtenis van belydenis, vir die eerste keer uit ons eie bodem. Na die "kennisgewing" in 1982 dat gedwonge skeiding van mense onaanvaarbaar is in die lig van die evangelie, het die destydse NG Sendingkerk in 1986 die *Belydenis van Belhar* aanvaar.

Wie die Belhar Belydenis wil beoordeel, behoort dit billikheidshalwe teen die agtergrond van hierdie derde belydenistyd te beoordeel. Die missionêre waarde van Belhar as 'n Suid-Afrikaanse belydenis, is dat dit die NG kerk-familie ingelei het in hierdie derde vrugbare tydperk van belydenis. Sedert 1982 is 'n lewende gesprek oor *belydenis* in die NG kerk-familie aan die gang gesit - terwyl daar, sover bekend, geen belydenisse in die NG Kerk opgestel is sedert haar aankoms in Suid-Afrika (1652) nie, het die afgelope 20 jaar, naas die Belhar Belydenis, ook ander geskifte in dieselfde klas na vore gekom, byvoorbeeld *Kerk en Samelewing* (1986), *Laudium Declaration* (1990), *Geloofsverklaring 2000*. Naudé (2001:22) noem dat Belhar 'n besondere gebeurtenis is, want dit "breek 'n droogte van digby 300 jaar in die Gereformeerde kerke van Nederlandse oorsprong" – 'n droogte in die ontstaan van nuwe belydenisse. In terme van die missie van die NG Kerk, is dit van groot waarde dat konfessies 'n plek kan inneem ten einde te help vorm aan 'n Bybels-gefundeerde samelewing in Suid-Afrika (en wyer). Dit is waarskynlik een van die grootste bydraes wat die gereformeerde-konfessionele kerke in Afrika kan lewer!

Om die belydenis dus langs die drie Formuliere van Enigheid te plaas en 'n een-tot-een vergelyking van stellings te maak, sal tot geen ander slotsom kan kom as dat daar teenstrydighede in voorkom nie. Dit verklaar waarom sommige teoloë kan aanvoer dat Belhar van die drie Formuliere van Eenheid verskil. Aan die ander kant is daar ook heelwat teoloë wat die teendeel bevind, soos W D Jonker (1993:108), J J F Durand (1984a:44), Johan Botha en Piet Naudé (Naudé & Botha 1998: 6-22).

Dat teoloë oor so 'n saak van opinie verskil beteken dat daar nie met dieselfde maatstawwe na die Belhar Belydenis gekyk word nie. Aan die einde van hierdie hoofstuk gaan verder op hierdie saak ingegaan word wanneer die Gereformeerde benadering van belydenisse bespreek word. Die derde beswaar wat teen Belhar ingebring word, het te make met sy status as belydenisskrif.

### 5.5.3 *Besware teen die status van Belhar as 'n belydenisskrif*

Die tweede groot beswaar handel oor Belhar se status as 'n belydenisskrif. Hier gaan dit oor twee vrae: Kwalifiseer die Belhar Belydenis as 'n belydenis, met ander woorde, voldoen dit aan die vereistes van 'n belydenis?; en Moet die NG Kerk Belhar as 'n eie belydenisskrif naas die drie *Formuliere van Eenheid* aanvaar? Dié twee vrae is so nou in mekaar verweef, dat dit soms moeilik is om te onderskei watter vraag ter sprake is. Omdat die NG Kerk met Belhar as 'n *konfessie*, nie net 'n inligtingsdokument nie, te make gekry het – boonop binne die raamwerk van 'n *status*

*confessionis* - moes dié kerk die vraag vra of sy Belhar ook as 'n belydenisskrif moet aanvaar. Maar voordat daar besluit kan word of Belhar ook 'n konfessie van die NG Kerk moet word, moet eers uitgeklaar word of dit wel aan die vereistes van 'n belydenisskrif in die sin van Gereformeerde belydenisse voldoen. Sodra hierdie vraag gestel word, word daar outomaties ook 'n derde vraag gevra, naamlik: *Stem die belydenis met die Bybel ooreen?*

Wanneer Nel (1995:81) hierdie kwessie bespreek in *Is die Belharbelydenis 'n belydenisskrif?*, maak hy die belangrike opmerking dat die vraag of Belhar 'n belydenisskrif is, bepaal word deur die posisie wat mens inneem. Hy sê "Uit die oogpunt van die VGK is die vraag uiteraard belaglik. Belhar is 'n belydenisskrif. Dit is op die tafel wanneer oor kerkvereniging gepraat word". Die NGSK het die belydenis van Belhar opgestel as 'n konfessie van hul geloof binne bepaalde omstandighede. Al sou niemand anders in die hele wêreld Belhar as konfessie erken nie, bly dit steeds 'n belydenis van die NGSK, en uiteindelik die VGKSA. Die antwoord op vraag a) hierbo (Kwalifiseer die Belhar Belydenis as 'n belydenis?) moet dus in die eerste plek "ja" wees. Dit is 'n belydenis van die NGSK, en is later ook aanvaar as 'n vierde belydenis van die VGKSA.

Beteken dit dat die formaat, inhoud, doel en funksie van 'n belydenis irrelevant is vir die belydenis om as belydenis te kwalifiseer? Dit is nie sonder belang nie, maar om na 'n eksterne stel reëls te gaan soek wat as maatstaf gaan dien om te bepaal of die NGSK destyds die reg gehad het om hul konfessie 'n belydenis te noem, sal onbillik wees. Daar kan hoogstens twee vrae aan die NGSK (VGKSA) gevra word oor die status van die Belhar Belydenis: (a) Wat is die riglyne en kriteria wat julle self in gedagte gehad het oor 'n belydenis toe Belhar opgestel is? (b) Hoe vergelyk dit met algemene tendense wat by ander Gereformeerde belydenisse voorkom?

#### 5.5.3.1 *Wat is die kriteria wat die NGSK aangelê het vir die opstel van 'n belydenis?*

Wat die riglyne vir die opstel van die Belhar Belydenis betref, kan gekyk word na die toespraak van ds. Bam tydens die sinode van 1982:

Wanneer ek my in 'n status *confessiones* [sic!] bevind dan moet die woord wat op hierdie plek spreek die status en die karakter van belydenis hê. Dis nie maar 'n besluit wat ek neem, of 'n beleidsverklaring wat ek uitvaardig, 'n administratiewe reëling wat ek tref of 'n prosedure reëling in my onderhandeling met andere nie. Dit is 'n belydenis op die vlak van die ander belydenisskrifte van die kerk. Die ou Christene het in 'n status *confessiones* gesê: "Jesus Christus is die Heer". So het hulle bely teen die Romeinse kreet: "Die keiser is heer."

Die Apostoliese Belydenis het gedeeltelik langs dié weg gegroei en so ook die klassieke Ekumeniese simbole. Al was dit nie formeel die geval nie, saaklik was dit wel

so. Die Oosterse Leerreëls kom uit 'n Status Confessiones. Die geloof word duidelik bely en die valse leer wat hiermee strydig is, duidelik afgewys.

Die verklaring van die belydenissinode van Barmen, 1934, is die jongste belydenis wat uit so 'n situasie ontstaan het. Ek lees vir u die eerste artikel van die belydenis: Hier hoor ek die taal van belydenis. Dit is die taal wat ons Sondagmôres gebruik: "Ek glo in God die Vader, die Almagtige Skepper, van hemel en aarde."

Nóg Ottawa, nóg die Tydelike Ekumeniese Kommissie kom tot belydenis en tot afwysing van die dwalinge wat verwerp word. Vir Ottawa was dit nie nodig nie. Die W.A.R.C. is nie 'n kerk nie. Maar van die kerk vra status confessiones duidelik belydenis en duidelike afwysing. Daar moet simbool geskep word wat deel word van die belydenis van die kerk waardeur die kerk hier en nou homself verklaar, 'n belydenis waarteen die dwaalleer erken kan word. Daarom, broeder voorsitter, wil ek die sinode vriendelik versoek om 'n ad hoc-kommissie te benoem om 'n belydenis daar te stel en vir goedkeuring aan die sinode voor te lê.

Karl Barth, een van die opstellers van die Barmen verklaring, sê in sy Kerklike Dogmatiek dat so 'n belydenis aan vier eise moet voldoen:

1. Die belydenis mag nooit met enige bymotief geskied nie. Ek mag dus nooit bely omdat ek hoop om daarmee hierdie of daardie wins te maak nie, hierdie of daardie politieke bestel 'n nekslag toe te dien nie. Dit mag alleen gaan om die eer van God en om niks, en dan ook niks anders nie.
2. Belydenis is nie 'n opinie wat ek uitspreek nie, selfs nie 'n vaste oortuiging nie; dis 'n **protes** van die geloof wanneer dit gekonfronteer en bevraagteken word deur die lewe, dit sny dwars deur die clichés van die dag en lê tot op die been bloot. En daarom gaan 'n status confessiones nie maar net terug op die ou belydenisse nie, maar dit skep nuwe belydenis.
3. Belydenis is nie 'n liriese ontboeseming nie of emosionele ontlading nie. Dit is 'n **daad** van uitdaging en **konflik**.
4. Belydenis is 'n vrye daad, onder dwang van die Heilige Gees aangegryp deur die Woord van God, en dit alleen. Dit vind nie plaas onder aanstigting van 'n wêreldmening nie.

Belydenis is nooit iets om mee te speel nie, want dit is soos vuur. Laat ons hiermee omgaan soos dit ons pas met heilige dinge.

(NG Kerk 1982 :1072-1073)

Hieruit is dit duidelik dat die Belydenis van Belhar ernstig bedoel is as 'n belydenis. Dit het gevloei uit 'n *status confessionis*, naamlik 'n situasie wat volgens die NGSK, die Lutherse Wêreldbond en die WBGK van soveel erns was dat daar van gelowiges verwag is om standpunt in te neem teen rassisme. Die riglyne vir die opstel van die belydenis is (wat die sinode van die NGSK betref) gevind in die vroeë kerk se belydenisse, in aansluiting by tye van *status confessionis* deur die geskiedenis van die kerk, by die Barmen-verklaring en by die opmerkings van Karl Barth hieroor. Later in hierdie hoofstuk sal verder hierop ingegaan word wanneer die teologie van Gereformeerde belydenisse bespreek word.

#### 5.5.3.2 Hoe vergelyk Belhar met algemene belydenis-tendense?

Die tweede vraag aan die NGSK (VGKSA) is: Hoe vergelyk hierdie riglyne met algemene tendense wat by ander Gereformeerde belydenisse voorkom? Hierdie vraag hang ten nouste saam met die vraag oor *wat* 'n belydenisskrif is. Oor presies *wat* 'n belydenisskrif is, met ander woorde, die kriteria van 'n egte konfessie, is daar al baie geskryf (sien bv. Jonker 1993; Doekes 1979; Noll 1991; Hartveld 1991; Barth 1925 en die klassieke werk van Schaff c1919).

Van Niekerk (1996) onderskei breedweg drie maniere waarop die term "belydenis" verstaan word. Dit dui op drie verskillende vorme van belydenisse wat deur die loop van die geskiedenis van die kerk na vore gekom het:

*Confessio* – spontane, dikwels persoonlike, maar beslis 'n situasiegebonde belydenisdaad ('n "gebeurtenis", volgens O Weber)

*Symbolum* – skriftelike of mondelinge belydenisformule wat die eie ontstaansituasie transendeer om 'n gesamentlike geloofsverstaan daar te stel (bv. die Ekumeniese Belydenisse)

*Doctrina* – die leeruitsprake van 'n kerkgemeenskap waardeur eie identiteit afgegrens word (bv. die drie Formuliere van Eenheid)

(Van Niekerk 1996 :444)

Hoewel daar baie verskille voorkom wanneer die verskynsel van belydenisse ontleed word, is daar een ding wat ooreenstem: die Skrif gee nie 'n definisie van belydenisse (soos ons dit vandag ken), met 'n lys van eienskappe waaraan voldoen moet word nie. Wanneer oor die karakter van

Gereformeerde belydenis gepraat word, word dit vanuit 'n studie van bestaande belydenisse, verklarings en geskrifte gedoen. Die gevolg hiervan is dat daar ook nie 'n standaard formule vir belydenisse bestaan nie, en daarom verskil belydenisse in vorm, doel en selfs inhoud van mekaar.

Wat inhoud betref, is daar 'n groot verskeidenheid van belydenisse. Van Niekerk (1996) verwys na die kernformulering van die Christelike belydenis as: "Jesus is die Here", en dat hierdie belydenis in 'n voortgaande proses deur die Heilige Gees in die kerk tot uiting gebring word. Jonker (1993:1-2) sien weer die mees basiese Christelike belydenis in die trinitariese formule: Vader, Seun en Gees. 'n Belydenis kan 'n baie kort stelling oor geloof wees of 'n meer uitgebreide dokument oor geloofsake wat deur 'n kerk opgestel is. Daar is ook geen voorskrif vir die temas waaruit die inhoud van 'n belydenis moet bestaan nie – dit word dikwels bepaal deur die spesifieke konteks waarbinne die belydenis opgestel is. Hiermee stem die Belhar Belydenis met ander Gereformeerde belydenisse ooreen.

Die aanhaling van Barth, waarmee hierdie hoofstuk begin het, plaas 'n belydenis binne die kader van die Kerk. 'n Kerk kan op 'n spesifieke oomblik in die geskiedenis die dringende nodigheid ervaar om 'n belydenis op te stel oor 'n gegewe kwessie, en wanneer daaraan uiting gegee word, is hierdie Kerk bloot gehoorsaam aan haar missie vir daardie oomblik. Al wat hierdie Kerk dan doen is om uiting te gee aan die geloof wat volgens haar besef op daardie stadium dringend na vore moet kom. In die Gereformeerde Kerk is hierdie geloof nie net blote stellings nie, maar juis die uitdrukking van 'n geloof wat deur die Skrif gevorm is. Die Belhar Belydenis het te midde van die NGSK tot stand gekom op dieselfde manier as waarvan Barth praat.

Op die webblad van die NG Kerk is 'n artikel van prof. Dirkie Smit (2006) beskikbaar, met die titel: *Die Gereformeerde siening van belydenis? Enkele algemene gedagtes*. Hy praat oor geloofsbelydenis of belydenisgeskrifte as volg:

Selfs binne die Protestantse geledere self is dit egter ook nodig om fyner te onderskei. Só gebruik alle tradisies en geloofsgemeenskappe binne die Protestantisme natuurlik nie almal uitdruklik die term "geloofsbelydenisse" nie. Dis immers nie 'n tegniese term nie. Dit slaan nie net op spesifieke soort dokumente, wat volgens sekere generiese voorskrifte opgestel is en aan sekere algemene kriteria voldoen, sodat dit byna meganies moontlik is om te oordeel of sekere dokumente wel belydenisskrifte is, of dalk nie aan die kriteria voldoen nie. Enige sodanige benadering berus op formalistiese misverstande oor die aard van belydenisgeskrifte.

(Smit 2006:1)

In die geskiedenis van die Gereformeerde belydenis, is die dokumente wat mettertyd die belydenisgrondslag van kerke geword het, nie almal van die begin af "belydenis" genoem nie. Dit

geld byvoorbeeld ook van die drie Formuliere van Enigheid: die Nederlandse *Geloofsbelydenis*, die Heidelbergse *Kategismus* en die Dordtse *Leerreëls*. So is daar ook die *Thirty-Nine Articles*, die *Formula of Concord* en die *Lambeth Articles*, en verskeie ander dokumente wat bloot *verklaring* (Eng.: declaration, bv. Barmen Verklaring) of *stellings* (Eng.: Theses, bv. Luther se Vyf-en-Negentig Stellings) genoem word (sien Noll 1991:16-17). Wanneer hierdie historiese ontwikkeling van belydenisse in gedagte gehou word, beteken dit dat nie net die Belhar Belydenis nie, maar ook ander dokumente van groot betekenis is vir die besinning oor die missie van die Kerk vandag: *Laudium Verklaring*, *Geloofsverklaring 2000*, en *Kerk en Samelewing: 'n Getuienis van die NG Kerk*. Hoewel daar dus in hierdie studie klem gelê word op die missionêre waarde van die Belhar Belydenis, moet dit nie verstaan word as die enigste dokument wat 'n belangrike rol in die toekoms van die NG Kerk-familie kan speel nie. Ver al in terme van die gesprekke oor hereniging, behoort die genoemde dokumente saam met die Belhar Belydenis oorweeg te word vir toekomstige gebruik.

## 5.6 Konklusie oor besware teen die Belhar Belydenis

Tydens die Algemene Sinode van die NGSK in 1982 was dit, soos te verstane in 'n sinodesitting, nie moontlik om 'n studie te gaan maak oor al die verskillende fasette van belydenisse in die protestantisme nie. Die riglyne wat ds. Bam voorgestel het vir die opstel van 'n belydenis is deur die Sinode aanvaar. As dit van naderby bekyk word, sluit hy aan by die belydenisse van die vroeë kerk (Apostoliese Geloofsbelydenis en die Oosterse Leerreëls), die *status confessionis* en die Duitse teoloog Karl Barth (in aansluiting met die Barmen Verklaring). Hiermee is die Belhar Belydenis binne 'n bepaalde lyn van belydenisse opgestel.

Die Belhar Belydenis is in 'n "oomblik van waarheid" (Cloete & Smit 1984) as 'n "kreet uit die hart" (Botha 1998b:39) gebore. Om hierdie dokument op allerlei eksegetiese metodes of vanuit verskeie hermeneutiese beginsels te ontleed sal nie daaraan reg laat geskied nie. Dit is 'n belydenis. Dit is wat die NGSK bely het in 1982, en dit is die uitdrukking van die geloof wat sterk in die VGKSA leef. Geen teologiese kritiek of verwerping van die Belydenis kan daaraan verander nie.

Dit bring die studie weer terug na die dilemma van die herenigingsgesprek in die familie van NG Kerke. Die Belhar Belydenis het gekom om te bly. Die VGKSA het dié belydenis ingesluit in hul belydenisgrondslag. Wie ook al met die VGKSA in 'n kerkvereniging instap sal saam met die VGKSA ook die Belhar Belydenis ontvang. In die NG Kerk-familie het baie mense 'n weerstand teen die Belhar Belydenis. In die vorige hoofstuk (4.4) is uitgewys dat die struikelblok in die weg van eenwording nie in werklikheid die Belhar Belydenis is nie, maar eerder 'n inwendige teenstrydigheid. Hoe kan 'n dokument wat oor Bybelse eenheid, versoening en geregtigheid getuig, in die weg van eenheid, versoening en geregtigheid staan?

Die probleem is dat die herenigingsproses by die NG Kerk en die VGKSA 'n konflik van belange meebring. Die VGKSA kan nie by die doelwit van eenheid uitkom sonder die Belhar Belydenis nie. Die NG Kerk kan nie by die doelwit van eenheid uitkom met die Belhar Belydenis nie. Dit lyk na 'n tipiese "catch 22"! Wat is die uitweg? In die vorige hoofstuk is reeds voorgestel dat daar ten opsigte van die Belhar Belydenis na 'n hoër beginsel as die belydenis self gekyk moet word, ten einde die regte perspektief te verkry. In die studie oor die missionêre waarde van die Belhar Belydenis word voorgestel dat daar duidelikheid by beide die NG Kerk en die VGKSA moet kom oor die funksionering van Gereformeerde belydenis, want die inwendige teenstrydigheid in die herenigingsgesprek sentreer rondom aanvaarding aldan nie van belydenis (binne die raamwerk van twee Gereformeerde kerke, vir wie belydenis baie sterk op die voorgrond staan).

Omdat die Belhar Belydenis aansluit by die Barmen Verklaring waarby Karl Barth baie nou betrokke was, en omdat hy in die vorige eeu uitblink het in die bestudering, ontleding en verstaan van die Gereformeerde belydenis, sal Barth se teologie van Gereformeerde belydenisse bespreek word as basis vir 'n nuwe verstaan van die rol wat die drie Formuliere van Eenheid, die ekumeniese belydenisse, die Belhar Belydenis en ander eietydse belydenis-verwante dokumente in die toekomstige missionêre Suid-Afrikaanse NG Kerk (-familie) kan speel.

## **5.7 Karl Barth se Teologie van Gereformeerde Belydenisse**

### *5.7.1 Barth se 1923 lesings*

Professor Eberhard Busch en sy navorsingspan van die *Instituut vir Barth Studies* (Universiteit van Göttingen) het in 1998 'n Duitse uitgawe van Barth se lesings (1923) oor die teologie van die Gereformeerde belydenisse gepubliseer. Darrel en Judith Guder (2002) het hierdie werk vertaal en uitgegee as *The Theology of the Reformed Confessions: 1923 – Karl Barth*. Hier kry mens te doen met 'n jong Barth voor Barmen (1934) en voor *Kirchliche Dogmatik* (1932-1970), wat uit die wêreld van die Switserse kerk (Safenwil) verhuis het na Göttingen om 'n Gereformeerde professoraat te beklee.

In die Voorwoord beskryf Busch (2002) die kerklike konteks waarbinne Karl Barth hom bevind het in die 1920's. Barth is deur Johann A Heilmann uitgenooi om die Gereformeerde professoraat in Göttingen op te neem, met een doel in gedagte, soos Heilmann in sy brief aan hom (Barth) skryf: "... I do not want to recreate something old an past, nor even less conjure up any confessional narrowness, but what I would like is that the charismata that the Lord has given to the Reformed branch of the church should not remain unused, forgotten, and scorned. Reformed Protestantism has a calling and should fulfill it to the blessing of German Christianity" (Busch 2002:vii).



Saam met Heilman kan die Gereformeerdes in Suider-Afrika sê: “Gereformeerde protestantisme het ‘n roeping en behoort dit tot die seën van die gelowiges in Suid-Afrika en Afrika te vervul”. Daarvoor is dit nodig dat die NG Kerk en alle ander vertakkinge van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika weer opnuut besin oor hul roeping en missie in Afrika. Die vraag is of die Belhar Belydenis, wat uit die bodem van die Suid-Afrikaanse Gereformeerde kerk afkomstig is, ‘n bydrae kan lewer tot ‘n beter begrip vir en beter uitlewing van hierdie missie. So ‘n bydrae bly moeilik solank daar in die familie van NG Kerke ‘n onverbiddelike verskil in denke oor die Gereformeerde belydenis is, wat net kan lei tot ‘n groter afstand indien daar nie in diepte daarna gekyk word nie. ‘n Kennis van die konteks van die Duitse Kerk waarin Barth hom bevind het en deur Busch beskryf word, kan help dat daar uit die verlede geleer word in plaas daarvan dat die negatiewe in die verlede herhaal.

Wat Heilman in gedagte gehad het, kan in verband gebring word met die konfessionele vernuwing van die Gereformeerde beweging wat aan die einde van die negentiende eeu ontstaan het. Hierdie beweging was aan die een kant ‘n reaksie op die wydverspreide liberalisme wat konfessionalisme verwerp het, en aan die ander kant teen die neiging tot “Lutheranisering” (wat neerkom op ‘n oordrewe klem op die gesag van die belydenis). Die beweging wat hier tot stand gekom het (en wat Heilmann in gedagte gehad het), het (a) in reaksie teen hierdie twee neigings baie duidelik gestel dat dit vir hulle belangrik is om die “Gereformeerde belange” te bewaar; (b) in aansluiting by die Duitse Lutherse *renaissance*, en parallel daarmee, ontstaan uit die konfessionele ontwaking van die negentiende eeu; (c) hulself ernstig gewy aan die erfenis van die “vaders”; en (d) goed ingepas by die konteks van die tyd, veral by die “Jong Gereformeerde Beweging” wat openlik anti-liberaal en ‘n konserwatiewe houding ingeneem het. (Sien Busch 2002:vii-viii)


Met sy aankoms in Göttingen (1921) het Barth hom in hierdie konfessionele konteks bevind sonder dat hy vooraf daarmee kennis gemaak het. Die Switserse kerk waaruit hy gekom het, was volgens Barth sedert die middel van die negentiende eeu “konfessioneel swak”, maar hy het in Göttingen met groot erns die Gereformeerde teologie bestudeer en onderrig (Busch 2002:viii). Barth se lesings van 1923, “*The theology of the Reformed confessions*”, kan beskryf word as ‘n nuwe ontwikkeling in sy teologiese denke, waar die dimensie van die Kerk al meer by hom ontwikkel het met sy bestudering van die Gereformeerde belydenisse. Barth se konsep van kerklike belydenis wat hier na vore kom, staan krities teenoor die konfessionele beweging wat hul beywer het vir die bewaring van “Gereformeerde belange”. Busch praat van ‘n “unresolved tension between two conceptions of confession that were hardly susceptible to harmonization” in die Gereformeerde beweging van die twintigs. Hierdie spanning het gelei tot ‘n skeuring wat die Gereformeerdes regdeur die Duitse Kerkstryd verdeel het in ‘n posisie van “bewaring van Gereformeerde belange”

teenoor 'n posisie van 'n Gereformeerde “amp van brandwag in diens van die totale kerk” (Busch 2002:ix – my vertaling), die posisie van Barth.

Is hierdie gebeure in Barth se tyd nie soortgelyk aan wat in Suid-Afrika tans gebeur nie? In die studie wat tot dusver onderneem is, het dit ook duidelik geblyk dat daar verskillende benaderings van belydenis, en spesifiek die Belhar Belydenis in die NG Kerk-familie is (sien punt 5.5.2.2.). Is dit hierdie verskillende benaderings wat die interne teenstrydigheid in die herenigingsgesprek veroorsaak? As daar in Duitsland destyds verdeeldheid in die kerk ontstaan het as gevolg van verskillende benaderings van belydenis, hoe kan die NG Kerk-familie in Suid-Afrika voortgaan met kerkhereniging sonder om hierdie verskille uit te klaar? Barth se *The theology of the Reformed confessions* (2002), *The desirability and possibility of a universal Reformed creed* (1925) en sy uiteensetting in *Church Dogmatics I,2* (1965:620-660) bied 'n deeglike studie van die Gereformeerde belydenisse, hul aard, funksie en gesag, wat 'n groot bydrae in hierdie gesprek in die NG Kerk kan maak.

Barth neem in sy beskouing van belydenisse 'n derde posisie in teenoor twee uiteenlopende pole: aan die een kant 'n siening wat 'n seleksie van belydenisse (byvoorbeeld die drie Formuliere van Enigheid) op 'n Lutherse manier vir alle praktiese doeleindes onaantasbaar en onveranderbaar beskou het deur daaraan 'n gesag soortgelyk aan die Skrif te gee; aan die ander kant 'n benadering wat uit die negentiende-eeuse liberale teologie kom, geen gesag in belydenisse gesien het nie, nie begrip vir die ontstaan en ontwikkeling daarvan gehad het nie, en dit bloot as historiese dokumente beskou het. Barth kan beslis nie van 'n konfessionalistiese óf 'n liberalistiese beskouing van belydenisse aangekla word nie.

Hoe lyk hierdie derde weg wat Barth inslaan? In kort kom dit daarop neer dat hy (a) die Gereformeerde belydenisse onderskei van die Lutherse benadering tot die *Formula Concordiae*, (b) die eiesoortige karakter van Gereformeerde belydenisse ontleed en (c) hierdie ooreenstemmende karaktertrekke verklaar in terme van Skrifgesag. In die huidige Suid-Afrikaanse debat oor die rol wat Belhar in die NG Kerk-familie kan en moet speel, is daar in 'n sekere sin 'n groot onsekerheid. Hierdie onsekerheid strem nie net die herenigingsproses nie, maar veroorsaak ook dat die (missionêre) waarde van die Belhar Belydenis misgekyk word. Die mate waarin die verskillende sienings van belydenis hierin 'n rol speel, kan verminder word deur 'n beter verstaan van die alternatiewe wat Barth bied. Om 'n begrip van sy derde weg te kry, sal dieper op die temas van (a)-(c) hierbo ingegaan word aan die hand van sy hoofstuk getiteld: *The significance of the confession in the Reformed church* (Barth 2002:1-37). In Skets 5.1. kan die posisie en “derde weg” van Barth skematies gesien word:



Skets 5.1. Barth se posisie tussen Liberalisme en Konfessionalisme

## 5.7.2 Die onderskeid tussen Gereformeerde en Lutherse benaderings

### 5.7.2.1 Ekumeniese openbare karakter van belydenisse

Die Lutherse belydenis is bedoel as 'n ekumeniese konfessie. Dit wil gesien word met dieselfde status en geldigheid as die belydenisse van die destydse (een) Europese Rykskerk. Die *Formulae Concordiae* impliseer dit deur die verskeie verwysings na die groot Lutherse konfessie, die *Augsburg Confession*, wat voorgelê is aan die *Keiser* in 1530. Dit is 'n *publieke* eerder as 'n *private* dokument. Volgens die *Formulae Concordiae* is die *openbare* aard 'n belangrike kenmerk van die konsep van 'n egte kerklike leer – die wydste moontlike gehoor moet daarvan kennis neem. Die vroeë Lutheranisme het die Keiserryk en sy kerk ondersteun en die voorlegging van hul geloof aan hierdie Ryk is gesien as die bevestiging van die ware katolieke geloof - daarom het die kerk aangedring op hierdie sigbare vorm van haar katolesiteit: die openbare lees van die dokument voor die Keiser en die Keiserryk. Die wye aanvaarding van die *Augsburgse Konfessie* kan slegs teen hierdie agtergrond verstaan word. Die waarde van dié dokument is nie soseer inhoudelik nie, maar lê in hierdie skynbaar eksterne aspek, wat vir die vroeë Lutherane alles behalwe ekstern was: Luther het hierdie dag waarop die belydenis voor die Keiser aangebied is, beskou as 'n vervulling van die woorde van Christus: "Wie My bely voor die mense... vir hom sal ek ook bely voor my Vader in die hemel." (Barth 2002:1-2)

Die Gereformeerde belydenisse het glad nie die *ekumeniese openbare* (publieke) karakter, wat vir die Lutherane van soveel belang was met die Augsburg konfessie van 1530 nie. In dieselfde tyd as Augsburg is twee Gereformeerde belydenisse aan die keiser voorgelê. Die een is 'n private belydenis van Zwingli (*Fidei Ratio*), wat nooit deur enige Gereformeerde kerk amptelik erken is nie. Die ander is die sogenaamde *Confessio Tetrapolitana*, maar die opstellers en ondersteuners van

hierdie belydenis het dit ten gunste van die Augsburg konfessie laat vaar. Die Gereformeerde kerk het dus nie daarin geslaag om die verbintenis met die *Roomse Keiserryk* en sy *keiserlike kerk* te maak soos die Lutherane wel vermag het nie. Luther het op 'n stadium verklaar dat die Rykdsag van Augsburg die “last trump before the day of judgement” was, want op daardie dag “our doctrine and faith were brought to light” deur die Konfessie (Barth 2002:8).

Die Gereformeerdes kon nie hierdie eskatologiese betekenis vir hul leerstellings toe-eien nie. Hul konfessies het van mekaar verskil en elkeen was uniek (*particular*), selfs al is dit in die naam van 'n hele land gepubliseer. Dit beteken dat die *katolieke waarde* van 'n Gereformeerde konfessie uitgeleef is en toegeken is na aanleiding van die relevansie en bruikbaarheid van die inhoud van daardie belydenis, soos in die geval van die Heidelbergse Kategismus. Die universaliteit van geloof, waarvoor die leiers van die reformasie hul beywer het, kon nie soos by die Lutherane in die verlede (as verlengstuk van die Romeins-Christelike Duits-Europa) lê nie, dit is iets waarvoor hulle hul moes beywer in die toekoms. Ekumeniese publieke erkenning is iets waarvoor gewerk en gebid is (in stilte), maar nie oor gepraat is nie. So 'n *partikulêre belydende kerk* kon die waarheid van haar belydenis *alleenlik* bewys en verdedig deur die verskeie kerke se verbintenis tot die Heilige Skrif en nie deur enige formele band met 'n universele kerk (bv. Luthers) of 'n normatiewe interpretasie van die Skrif (bv. Augsburg) nie. Daarom kom Barth tot die slotsom:

The legitimate pathway to universality is here the pathway of particularity. Certainly they sought with all urgency to move beyond that particularity – Calvin indeed did that – but they were content in the process to have a Genevan, an Emden, and a Heidelberg Catechism; a Dillenburger and Bentheim Confession; a Zurich, Genevan, and Bremen Consensus; and a Helvetic, Gallican, Belgic, Scots, Bohemian, and Hungarian Confession...That is the situation in which the Reformed confessional writings emerged. None of them is a 'public document'... in the strict sense of the term.

(Barth 2002:12)

#### 5.7.2.2 Eenheid in interpretasie

Vir Lutheranisme is die *eenheid* en die *verenigde* interpretasie van die belydenis uiters belangrik. Die *Formulae Concordiae* maak dit baie duidelik dat daar nie gepoog word om 'n nuwe belydenis op te stel nie, maar dat die *een ou konfessie* bely word. Al die ander (Lutherse) geskrifte in die versameling van die *Concordiae* is blote kommentaar op die een offisiële Lutherse leer soos dit in die Augsburgse Konfessie voorkom. Daar word met groot sorg verseker dat hierdie belydenis saamgevoeg word in 'n eenheid wat ook as sulks geïnterpreteer moet word.

Elke Gereformeerde belydenis is in effek 'n *unieke werk*, een van vele ander. Die opstellers van die Gereformeerde belydenisse het min daarin belanggestel om 'n belydenis vir *alle*

Gereformeerde kerke op te stel, of om hul eie belydenis op te gee ter wille van 'n ander, of om hul werk te laat invloei in 'n algemene belydenis vir alle Gereformeerde kerke. Hier word elkeen se eie benadering op 'n buitengewone manier gekombineer met 'n ewe-belangrike respek vir ander benaderings. Die Gereformeerde beweging het vir baie lank 'n sterk praktykgerigte koalisie en samewerking ontwikkel tussen die verskillende kerke, maar 'n opmerklieke swak neiging tot *konfessionele* eenheid. 'n Eenvormige formulering soos die Augsburgse belydenis mag dalk mooi en aantreklik klink, maar dit word nie vereis "bo alles" vir ooreenstemming tussen Gereformeerdes nie. Wat "bo alles" nodig is, is dat die leerstellings van die kerk oral en voortdurend *op die Heilige Skrif gegrond is* – en hiermee word nie *konfessionele eenheid* uitgedruk nie, maar die *konfessionele vryheid* van elke spesifieke kerk in sy verhoudings met ander.

Hierdie vryheid is 'n baie belangrike eienskap wanneer dit kom by die wedersydse aanvaarding van belydenisse in die Gereformeerde kerke. Die Heidelbergse Kategismus, byvoorbeeld, is seker die mees bekende van al die Gereformeerde geskrifte, wat gevestig geraak het bloot vanweë die dogmatiese en pedagogiese bruikbaarheid daarvan – in so 'n mate dat dit selfs verkies is bo Calvyn se Kategismus en ander bruikbare geskrifte. Dit is nie van belang of hierdie proses reg of verkeerd is nie, want dit het binne 'n vryheid plaasgevind wat nog altyd in die Gereformeerde konfessionele begrip teenwoordig was, soos Barth dit stel: "It happened in the freedom that was always openly or secretly characteristic of the 'confessional position' of the entire Reformed church, to the extent that one can even speak of such a thing. It was only in this way that a certain confessional universality could and can be achieved on Reformed soil" (Barth 2002:14).

Hierdie afdeling is van besondere waarde vir ons studie. Die waarde van die Belhar Belydenis kan nie onder dwang geskied nie. Wanneer dit 'n dwang-belydenis word, is dit nie meer in die gees van Gereformeerde belydenisse nie, en verminder die missionêre waarde daarvan, want dit weerspreek die Gereformeerde vryheidstradisie. Hierdie vryheid het nie veroorsaak dat kerke onafhanklik van mekaar voortbestaan het nie. Die volgende het deel gevorm van die konfessionele vryheid wat in die Gereformeerde wêreld aangetref is:

(a) Spesiale ooreenkomste kon tussen spesifieke Gereformeerde kerke of groepe kerke gesluit word. 'n Baie interessante en relevante voorbeeld van so 'n ooreenkoms is die aanvaarding van die Tweede Helvetiese Konfessie deur die Switserse kerke in 1566. Toe die Switserse Sinode hierdie Konfessie aanvaar het as een van hul belydenisse, het die verskillende gemeentes die reg gehad om hul instemming hiermee te gee. Die Switserse kerk het deur 'n aanvaardingsproses gegaan waar gemeentes mettertyd hul steun aan die Tweede Helvetiese Konfessie kon toesê. Hierdie aanvaardingsproses het toegelaat dat die oudste Switserse universiteitstad, Basel, tagtig jaar geneem het om instemming met hierdie aanvaarding te betuig (nadat dit, volgens Barth, van 'n tydperk van Lutheranisme herstel het!!). (Barth 2002:14)

Die implikasie hiervan vir herenigingsproses wat stuit op die aanvaarding van die Belhar-belydenis deur die NG Kerk: daar kan 'n klousule wees wat gemeentes die vryheid gee om Belhar te aanvaar as belydenis, maar die ruimte laat vir gemeentes om dit nie te aanvaar nie (soos by Switserland 1566). Uit punt (a) hierbo is dit leersaam dat die Gereformeerde kerke in Switserland, wat baie verdeeld was, tog daarin kon slaag om die Tweede Helvetiese Konfessie te aanvaar, op so 'n wyse dat sekere stede dit ook eers later kon doen. Dit wys dat eenheid in Gereformeerde kringe nie gebaseer is op eenheid in belydenis alleen nie, maar eenheid om in vryheid aan die Woord ondergeskik te kan wees.

(b) Verklarings van wedersydse erkenning van mekaar se belydenisse (bv. Nederland en Frankryk in 1583); en

(c) Wedersydse konsultasie, byvoorbeeld om hulp te vra van 'n Gereformeerde susterskerk in gevalle van besonder moeilike dogmatiese kwessies (bv. Dordt 1619-1619 teenoor die Arminiane);

(d) Akademiese versamelings van verskillende Gereformeerde konfessies. Waar hierdie werke gepoog het om 'n harmonie van Gereformeerde belydenis te bewerk, het dit nie veel ondersteuning gevind nie. Die latere belangstelling in sulke versamelings teen die einde van die negentiende eeu is eerder gemotiveer deur 'n historiese belangstelling en lê op 'n ander vlak as die sewentiende-eeuse versamelings van *Salnar* (Suid-Frankryk) en *Caspar Laurentius* (sulke pogings tot harmonie word deur Barth as on-gereformeerde bestempel).

Barth gee 'n samevatting van sy gedagtes oor die uniekheid van Gereformeerde belydenisse:

This illustrates the fact that the Reformed confession is, to be sure, a very particular house, but a house whose doors and windows are open in all directions. A Reformed theologian or Christian could or can regard, either by free choice or in terms of the origins of one's church, this or that confession as definitive for oneself. One could and can eclectically affirm all of them in order to take from each what is *personally meaningful*. If capable of doing so, one could or can follow the example of Zwingli, Bullinger, Calvin, or Elector Johann Sigismund, and with due respect for the others write *one's own* Reformed confession. The only thing one cannot do is to argue to oneself or to others that *one's own* confession is *the* Reformed confession. Reformed confessions, as long as and to the extent that they are Reformed, will always be *many* and not *one*.

(Barth 2002:16)

Hierdie eienskap van Gereformeerde belydenis is uiters belangrik vir wie op soek is na die missionêre waarde van die Belhar Belydenis en stuit op die besware teen Belhar vanuit NG Kerk-

geledere. Dit is 'n antwoord op die vraag of nóg 'n belydenis naas die drie Formuliere van Enigheid nodig is. Die antwoord vanuit Gereformeerde agtergrond is: ja én nee. Daar is voortdurend ruimte vir belydenis vir die reformatoriese gelowige, maar die Gereformeerde wat tevrede is my die bestaande belydenisse kan ook daarmee volstaan.

Dit bied ook 'n antwoord op die vraag of Belhar “van buite af” op enige persoon of kerk afgedwing kan word. Die Gereformeerde antwoord: nee. Elke kerk en gemeente kan in volle vryheid self besluit of die Belhar Belydenis aanvaar behoort te word of nie. Nou is die vraag: As Belhar deur die NG Kerk as belydenis aanvaar word, beteken dit dat gemeentes en gemeentelede aan elke deel daarvan gebind word soos gelowiges gebind word deur die Heilige Skrif? Nee. Daar kan ruimte geskep word vir die belydenis, terwyl dit steeds onder kritiek van die Skrif staan om gewysig te word, omdat van gelowiges slegs 'n gehoorsaamheid aan die Skrif vereis word. Selfs al word die belydenis nie amptelik deur 'n kerklike vergadering aanvaar nie, kan die NG Kerk (-familie) steeds die waarde, en spesifiek die missionêre waarde daarvan ontgin en implementeer.

### 5.7.2.3 Verband met vroeë kerklike simbole

Volgens die *Formulae Concordiae* het hierdie een openbare belydenis van Lutheranisme die karakter van 'n kerklike simbool ('n credo of vroeë belydenis). Dit beskryf die Augsburgse Konfessie as “ons credo vir hierdie tyd” en wys daarop dat dit op dieselfde wyse as die Belydenis van Nicea tot stand gekom het. Daarom is *Augsburg* nie bedoel as 'n *nuwe* konfessie nie, maar volgens Luther word die oorspronklike antieke belydenis, wat aanvanklik deur Christus self gegee is, slegs opnuut bely.

'n Derde verskil tussen die Gereformeerde en Lutherse benaderings tot belydenis is dat die ouer Gereformeerdes nie hul belydenisse “boeke van simbole<sup>5</sup>” (*libri symbolici*) noem nie. Barth sê:

The Reformed confessions are precisely not symbols. They are called Confession of Faith (*Confessio fidei*) (this is the usual term), or Consensus or Catechism or Articles (*Articuli*) or Theses or Declaration. In other words, they do not want to be placed at the same level of dignity as the confessions of the first centuries, which belong to a higher order, so to speak.

(Barth 2002:16)

---

<sup>5</sup> Die Engels *symbol* is dalk meer bekend as die Afrikaans *simbool*. Dit verwys na die korter ekumeniese belydenisse wat uit die vroeë kerk afkomstig is, bv. die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Belydenisse van Nicea en Athanasius.

Die *Formula Concordiae* plaas die Augsburg-konfessie op dieselfde vlak as die vroeë belydenisse, maar vir die Gereformeerdes was dit nie van die begin af duidelik wat om met hierdie vraagstuk te maak nie. Dit het nie soseer oor die inhoud van belydenisse gegaan nie, maar oor die normatiewe aard daarvan. Die gedagte daaraan dat 'n historiese outoriteit tussen die Skrif en die hedendaagse situasie te staan gekom het, was vreemd vir die Gereformeerde siening van die algenoegsaamheid van die Heilige Skrif (sien bv. die Tweede Helvetiese<sup>6</sup> Konfessie in hierdie verband). Met uitsondering van die *Apostolicum*, waarvan die apostolisiteit en ooreenstemming met die Skrif onbetwis is, is dit volgens Barth eintlik 'n onvermydelike toegewing<sup>7</sup> wanneer die Gereformeerde belydenis van *simbool* praat, en dan slegs met verwysing na die antieke ekumeniese simbole. Hierdie toegewing het beteken dat daar deur die latere Gereformeerdes met eerbied na die vroeë kerklike simbole verwys is, sonder dat dit duidelik is presies waarom. Dit het nie soseer daaroor gegaan dat hierdie simbole nodig was nie, maar meer dat hulle nie die indruk wou skep dat hulle van die *credo's* verskil nie. Dit is die rede waarom, met die uitsondering van die Twaalf Artikels, die belydenisse baie min aansluit by, en slegs in die verbygaan melding maak, van die ekumeniese belydenisse.

Barth beklemtoon twee beginsels wat hierdie benadering tot die vroeë simbole verklaar. *Eerstens* verwys die Gereformeerde belydenisse baie duidelik na die gesag van konsilies en sinodes as *menslik* en *feilbaar*. *Tweedens* kan die Gereformeerdes nie 'n konsep aanvaar wat enigiets anders as die Heilige Skrif beskryf as gawe en openbaring van die Heilige Gees (aangaande geloof) nie. Barth kan dit seker nie sterker stel nie:

The simple reason is that, for the Reformed, that which is given and revealed by the Holy Spirit can only be the Holy Scriptures themselves. As a Reformed Christian, one firmly confesses *one's own* faith, certain that what one confesses is true, and concerned to demonstrate that one's confession is in agreement with the confession of all the faithful of all times. But, with one's confession, one does not claim to restore again the 'holy church of God in former times'...What is *given* and *revealed* in Scripture must not be confused with what one subsequently *confesses*, for which it is the eternal *origin*. The '*testimony of faith*' ('*testificatio fidei*') must orient itself to the 'truth of

---

<sup>6</sup> Die Tweede Helvetiese Konfessie en die Heidelbergse Kategismus is seker die bekendste twee belydenisse van die reformasie. *Helveties* verwys na 'n Switserse bodem.

<sup>7</sup> Barth wys dat Calvyn aanvanklik geweier het om die Credo van Athanasius te onderteken, omdat hy trou aan God, en nie aan Athanasius nie, belowe het. Later, toe hy beskuldig is van Arianisme, het hy 'n meer positiewe houding teenoor die vroeë kerklike simbole ingeneem.



Scripture' ('*veritas scripturae*'), as surely as it is the 'testimony of faith' ('*testificatio fidei*'), but it does not become in the process a kind of lower level or further development of Scripture. Scripture remains Scripture, unique, incommensurable, one of a kind. The Reformed confessions *were not able* to claim for the ancient church's symbols that higher level of holiness but, on the contrary, *denied* such a claim. With every acknowledgement of their content, their validity could only be seen in what they truly were, 'sincere expositions of the faith'... or, more clearly in Calvin's words, 'testimonies of inwardly conceived faith'.

(Barth 2002:20)

Hier is dus 'n groot verskil tussen die Lutherse benadering en die Gereformeerde benadering van belydenisse. Lutheranisme plaas konfessies van die reformasie op dieselfde vlak van gesag as die simbole uit die vroeë kerk, en daardie simbole het weer dieselfde geopenbaarde gesag as die Skrif. Daarom is die Wittenbergse gesegde: "God se Woord en Luther se lering sal nooit as te nimmer vergaan" (Barth 2002:21) vir Lutherane aanvaarbaar, maar ondenkbaar vir 'n Calvinis. Vir Gereformeerdes is die gesag van die geopenbaarde Woord van God uniek en op 'n ander vlak as enige ander menslike dokument. Alle ander dokumente is onderhewig aan kritiek, verandering, ondersoek en kan vervang word met 'n ander, beter dokument. Elke stelling in 'n belydenis is hoe ons, hier, nou, en vir die oomblik God se Woord uit die Skrif, en nie enige ander geloofs-artikel (deur mense opgestel), op 'n spesifieke manier verstaan.

Met 'n Lutherse benadering sou die implikasies van die Belydenis van Belhar wees dat daar nie eens besware daarteen ingebring mag word nie, want dit sou dieselfde tipe gesag as die Skrif dra, en daarmee ook ten minste alle gelowiges in Suid-Afrika se gewete kon bind op dieselfde vlak as die uitsprake van Jesus in die Evangelies. Dit is egter 'n dokument wat binne 'n Gereformeerde kerk sy ontstaan het, en eerder probeer getuig aangaande geloof van die NGSK (*ons*) in Suid-Afrika (*hier*) in die onlangse negentien-tagtigste (*nou*) binne 'n situasie van krisis en *status confessionis* (*vir die oomblik*) soos dit vanuit die Skrif verstaan is. Vanuit 'n Gereformeerde benadering is dit heeltemal in orde om hierdie belydenis te ondersoek, te ondervra, te toets aan die Skrif en te soek na sy waarde vir die Suid-Afrikaanse kerk en samelewing. Die vraag na die gesag van die belydenis is binne 'n Gereformeerde verstaan eintlik onnodig, want die enigste gesagvolle geskrif vir Gereformeerdes is die Skrif self, of belydenisse en geskrifte wat 'n kerk of 'n versameling gelowiges *aanvaar as gesagvol vir hul lewens*. Hierdie laaste gesag bly egter 'n relatiewe gesag in die sin dat daar nooit méér gehoorsaamheid aan 'n menslike geskrif behoort te wees as aan die Woord van God self nie. Waar gehoorsaamheid aan die Belhar Belydenis, of enige ander kerklike dokument, ongehoorsaamheid aan God beteken, is daardie belydenis of dokument waardeloos. Dit geld natuurlik vir enige ander menslike geskrif, belydenis of dokument.

#### 5.7.2.4 Veranderlikheid of permanensie van belydenis

Kerklike simbole (credo's) dra gesag omdat dit 'n kerklike simbool is, dit kan nie verander of vervang word nie. Dit bring 'n nuwe en ingewikkelde problematiek na vore. Die Concordia-konfessie (*Formula of Concord*) verkondig dat Augsburg slegs getuienisse aangaande die geloof is, wat wys hoe die Skrif in die kerk van God verstaan en geïnterpreteer is deur mense wat op daardie tydstip geleef het, maar Barth wys uit dat hierdie punt reeds verbysteek is. Hy verduidelik:

Since this witness is the witness of the true, ancient, universal faith, it must be understood as 'the unanimously received doctrine...that all our evangelical churches acknowledge and affirm, and in accordance to which, since it is taken from God's Word, all other documents are to be accessed and judged as to whether one should approve or reject them'...

(Barth 2002:3)

Die *Formulae Concordiae* is dus veel meer as slegs 'n getuienis aangaande die Skrif. Dit word op 'n vlak van gesag gelykstaande aan die Skrif geplaas. Deur 'n studie van die Concordia-konfessie en die implikasies van die gesag wat daaraan toegeken word, kom Barth tot die slotsom:

...I regard it as proven that the difference between Scripture and confession according to the teaching of the Formula of Concord is in fact only a quantitative one and not qualitative...No, in Lutheranism the Augustana is really more than a 'witness of the faith.' To put it another way, *as such* it is simultaneously an *authority* of faith, not mutable, but rather an *immutable* entity.

(Barth 2002:6)

'n Vierde verskil tussen die Gereformeerde en Lutherse benaderings tot belydenis het dus te make met die *permanensie van konfessies*. Waar die Lutherse Augsburg-Konfessie as 'n finale, onveranderlike en laaste trompetgeskal voor die einde van die eeue beskou word, het die Gereformeerde konfessies altyd 'n voorlopige aard. Ongeag hoe ernstig die bedoeling van Gereformeerde belydenis, hoe fel en kragtig teen sekere standpunte ingegaan is, of hoe wydverspreid die aanvaarding of steun vir sulke belydenisse was, dit is fundamenteel bedoel as bloot *voorlopige*, verbeterbare en vervangbare aanbiedings, nooit as 'n finale outoriteit waarteen ander geskryfte gemeet moet word nie. Slegs die Heilige Skrif dra hierdie soort outoriteit.

Daarom is daar by Gereformeerde belydenisse altyd die bereidheid om vanuit die Skrif en deur die Skrif gekorrigeer te word. Die ouer Gereformeerde bewussyn het hierdie aanvoeling dat hul

leerstellings nog vervolmaak moet word, gekombineer met 'n beslistheid waarmee hul lering neergelê is<sup>8</sup>. *Dit kom nie neer op 'n relativisme nie, maar eerder 'n waarheid wat relatief tot die Skrif gestel word.* Barth se opsomming hiervan:

The facts themselves shape the conclusion that the Reformed confessions essentially could not have the character of final words, as did the Lutheran. To be sure, there was a rigid orthodox theology on Reformed soil just as there was a Lutheran. But the source of knowledge of this orthodoxy was the Holy Scripture, interpreted through the internal witness of the Holy Spirit, which from about 1600 on could be replaced by reason illumined either by the Aristotelian or Cartesian tradition. It could never, however, become a symbol. What was lacking for the formation of a genuinely Reformed confessionalism, in spite of the pointed way in which the doctrinal differences were sensed and debated, was the one unchangeable confession like the one to which the Lutherans could always relate.

(Barth 2002:26)

Die vraag is of die Belhar Belydenis, nadat dit in 1986 deur die Sinode van die NGSK “finaal” gewysig is en aanvaar is, en nadat dit opgeneem is as vierde belydenis in die kerkorde van die VGKSA, nog verander kan word. As die vierde artikel, byvoorbeeld, op so 'n manier geformuleer is dat dit klink na 'n on-Gereformeerde bevrydingsteologie (volgens die eerste beswaar in *Die Kerkbode* hierbo bespreek), en dit 'n struikelblok vir eenwording met die NG Kerk is, waarom kan daar nie gesamentlik na 'n beter formulering gesoek word nie? Dit is te verstane dat die VGKSA op 'n besondere manier deur die uitleef van die Belhar Belydenis tot stand gekom het, en dat die Belydenis baie emosionele waarde vir die lidmate het, maar is dit genoeg rede om daaraan 'n onveranderbare gesag toe te ken? Binne 'n Gereformeerde benadering behoort daar altyd die moontlikheid te bestaan dat die Belhar Belydenis saam met ander gelowiges verfyn, herformuleer en gewysig mag word – veral as dit tot groter eenheid, versoening en geregtigheid gaan lei!

#### 5.7.2.5 Toewyding vereis aan belydenisse

Die resultaat van hierdie gesag wat aan die Augsburg Konfessie toegeken word, is dat dit 'n verpligting plaas op leraars in die kerk. “Lutheraans” beteken om die Skrif volgens die uitleg van die Augsburgse Konfessie te verstaan - in die praktyk en in realiteit beteken dit 'n interpretasie volgens die *Concordia*-konfessie se *konsep* van hierdie Skrifuitleg. Die *Concordia* deel in die

---

<sup>8</sup> Goeie voorbeelde hiervan is te sien in die Voorwoord van die *Skotse Konfessie* van 1560 en, in 'n mindere mate in die sinodale eed wat in die kerk van Zurich in die 17de en 18de eeue gebruik is (sien Guder & Guder 2002:25)

heiligheid en noodsaaklikheid van die geopenbaarde Woord van God, en daarom word iets van die bindende karakter, die verpligting wat met die Skrif saamgaan, ook daarop oorgedra. Dit het twee voordele. Eerstens is daar die voordeel teenoor die *Rooms Katolieke* Kerk dat die apokriewe en veranderlike gesag van die (Roomse) kerk se leer-amp vervang word met die belydenis van Luther se verstaan van die Bybel. Tweedens het dit ook die voordeel teenoor die *Gereformeerde* kerke wat vanuit verskeie kerklike bronne werk, maar nie die staande riglyn as beoordeling het van alle gedagtes en innoverings wat spruit uit die interpretasie van daardie bronne nie. (Barth 2002:31-33)

Hierdie laaste punt van verskil tussen Gereformeerde en Lutherse belydenisse, het te make met *toewyding aan 'n bepaalde belydenis*. Watter tipe “commitment” kan verwag word ten opsigte van belydenis? Barth toon aan dat daar eintlik nie 'n formule vir toewyding aan Gereformeerde belydenisse is nie. Hierdie punt word baie goed uitgelig in Barth se bespreking oor die wenslikheid en moontlikheid van 'n universele Gereformeerde belydenis, daarom is dit baie insiggewend om vir 'n oomblik hierby stil te staan.

### 5.7.3 Die wenslikheid en moontlikheid van 'n universele Gereformeerde belydenis

Nadat Karl Barth sy lesings oor die Gereformeerde belydenisse gegee het in 1923, het die vraag ontstaan of dit wenslik is, of selfs moontlik is, om 'n enkele, universele Gereformeerde belydenis op te stel – iets soortgelyks aan die Augsburg Konfessie. Hierdie vraag is relevant in dié opsig dat dit te make het met die afdwingbaarheid van 'n belydenis. In watter mate kan daar van die NG Kerk of NG Kerk lidmate “verwag word” om die Belhar Belydenis as 'n eie belydenis te aanvaar? In watter mate is slegs die drie Formuliere toelaatbaar in die kerkorde?

Barth het die vraag oor die wenslikheid en moontlikheid van 'n universele Gereformeerde belydenis beantwoord in 'n toespraak by die Wêreldraad van die Bond van Gereformeerde Kerke in Junie-Julie 1925. Hy begin met 'n definisie van die “Gereformeerde Geloofsbelydenis” soos dit in die geskiedenis voorkom:

A Reformed creed is the statement, spontaneously and publicly formulated by a Christian community within a geographically limited area, which, until further action, defines its character to outsiders; and which, until further action, gives guidance for its own doctrine and life; it is a formulation of the insight currently given to the whole Christian Church by the revelation of God in Jesus Christ, witnessed to by the Holy Scriptures alone.

(Barth 1962:112)

Op grond van hierdie definisie, gee hy verskeie redes waarom dit nie vir reformatore soos Calvyn nodig of wenslik was, en waarom dit ook nie op daardie stadium nodig of wenslik is om 'n universele Gereformeerde geloofsbelydenis op te stel nie. Vir die doel van hierdie studie sal ons een van hierdie redes kortliks bespreek.

Barth lê baie klem daarop dat 'n belydenis 'n tipe ooreenkoms is tussen gelowiges wat in eenheid leef. 'n Belydenis is nie 'n individuele saak nie, maar 'n saak waarin 'n groep gelowiges met mekaar ooreenstem. Dan is dit ook nie iets wat sommer net bely word nie. Dit handel oor geloof wat bely móét word. Die situasie waarbinne hierdie gelowiges hul saam (as eenheid) bevind, moet van so 'n aard wees, dat hulle nie anders kan as om hierdie Bybelse waarheid te bely nie. Hy voel so sterk hieroor, dat hy die opmerking maak: "A creed proclaimed where this human credibility and visibility of the confessing 'external body' was wholly lacking would violate both the Reformed concept of creed and the Reformed concept of Church" (Barth 1962:112). Omdat 'n sigbare eenheid van gelowiges nie moontlik is vir die ekumeniese kerk nie, is 'n universele Gereformeerde geloofsbelydenis nie wenslik nie.

As hierdie beginsel nou toegepas word op die NG Kerk-familie, beteken dit dat, hoewel die Belhar Belydenis sonder twyfel 'n belydenis van die VGKSA is, dit beslis nie op die oomblik wenslik sou wees om te verwag dat die NG Kerk dit nou as belydenis aanvaar nie. Die grootste rede hiervoor is die gebrek aan sigbare eenheid tussen die VGKSA en die ander lede van die NG Kerk-familie. Dit word so aangetoon in die Agenda van die Algemene Sinode van 2007:

\*4 Ons is verbind aan die VGK wat vir ons sê dat die Belharbelydenis vir hulle baie belangrik is en dat hulle dit sal wil inbring in die nuwe verband. Ons is egter ook verbind aan die NGKA en die RCA wat vir ons sê dat hulle nie kans sien om Belhar volledig as belydenisskrif te onderskrif nie.

\*5 Wat ons eie kerk betref, het ons 'n verantwoordelikheid teenoor baie predikante en lidmate wat gereed is vir 'n hegte eenheid en graag Belhar sou wou onderskrif, maar ook baie predikante en lidmate wat om verskillende redes nie kans sien om Belhar as belydenisskrif te onderskrif nie.

(NG Kerk Algemene Sinode = NG Kerk 2007a:382)

Hoe kan die vier kerke van die NG Kerk verklaar: "Hierdie is ons gesamentlike belydenis", as die hele wêreld buite hierdie vier kerke duidelik kan sien dat hulle nie as 'n gesamentlike eenheid funksioneer nie? Dan is die verklaring van ('n gesamentlike) belydenis 'n leuen! Volgens Barth se redenasie is die voorvereiste vir so 'n gesamentlike verklaring van geloof, of belydenis van geloof, 'n duidelike en sigbare eenheid tussen die kerke wat saam hul geloof bely – iets wat nog nie waar

is binne die NG Kerk-familie nie. Daarom sê hy ook verder: "Any road to a universal creed which by-passes the concrete actuality of unitedness would not be a Reformed road." (Barth 1962:125)

Die implikasie hiervan is dat die Belhar Belydenis nie hanteer behoort te word asof dit noodwendig 'n gesamentlike belydenis gaan wees in 'n herenigde NG Kerk-familie nie. As mens kyk na die inligtingstuk wat in 2007 in die NG Kerk versprei is vir gesprekvoering, lyk dit asof die gedagte bestaan om Belhar so te hanteer:

Omdat die Belharbelydenis 'n belydenisskrif van een van die familiekerke is, stel ons voor dat dit as een van die belydenisskrifte in die herstelde kerkverband opgeneem word (vgl besluit AS 1998). Ons is steeds oortuig dat die wesenlike inhoud van Belhar (ons verbintenis aan die Bybelse getuienis oor God Drie-enig, oor die eenheid van die kerk, oor geregtigheid en versoening) baie wyd aanvaar word (vgl AS besluit 1998).

Dit impliseer nie dat alle gemeentes, predikante, kerkraadslede, en lidmate van die nuwe verband dit vanselfsprekend as belydenisskrif hoef te onderskryf nie.

Ons is oortuig dat die verskille oor Belhar meer te doen het met historiese, emosionele en simboliese faktore as met die wesenlike inhoud self. Dit is baie belangrik dat ons oor al hierdie faktore sal praat sodat ons nie "by die verlede stilstaan nie" (Jes 43:18), maar saam kan fokus op ons roeping vandag en in die toekoms. Ons verbind onself hiertoe.

(NG Kerk 2007a:383)

Dit blyk ook uit die resoluë wat by die tweede Achterberg vergadering gemaak is:

1.1 Die Belydenis van Belhar is nie 'n voorwaarde vir kerkhereniging nie.

1.2 In die vorming van 'n nuwe kerkverband moet die belydenisgrondslag al vier kerke, sinodes en gemeentes akkommodeer sonder om enigiemand te forseer om Belhar te aanvaar of daarvan afstand te doen. In 'n nuwe kerkverband word Belhar as vierde belydenisskrif in die belydenisgrondslag ingesluit, maar dit sal nie van leraars of lidmate wat nie gereed of gewillig is verwag word om dit te onderskryf (aanvaar) as 'n belydenisskrif nie.

1.3 Die waarde wat Belhar as 'n belydenis vir die VGKSA het, word respekteer.

(NG Kerk 2007a: Moderamen Bylaag 2)

Dit plaas beslis nie die Belydenis in 'n ondergeskikte posisie nie, want die Belhar Belydenis is 'n egte belydenis wat onder bepaalde omstandighede nie anders kon as om bely te wees nie. Dit is

‘n belydenis van die NGSK, en dit is ook ‘n ooreengekome belydenis van die VGKSA. Dit is egter nie ‘n belydenis van die breër NG Kerk-familie nie, en om dit op enige stadium “outomaties” deel te probeer maak van enige van die ander lede van die NG Kerk-familie is nie ‘n Gereformeerde werkswyse nie. Van die staanspoor af sal daar in ‘n herenigingsproses die openheid moet wees dat die Belhar Belydenis slegs outomaties, ná ‘n eenwording, die belydenis sal bly van diegene wat *dit tans as belydenis aanvaar*. Die nuwe (te stigte) herenigde NG Kerk sal die vryheid moet hê om in hul nuutgevonde eenheid saam ‘n belydenis of verklaring uit te reik wat iets van daardie sigbare, gesamentlike geloof verwoord.

Kan die Belhar Belydenis hierin ‘n rol speel? Definitief ja, maar net so kan die *Laudium Verklaring* en enige ander Gereformeerde dokument. Enigiets anders sal nie eg Gereformeerde wees nie. Enigiets anders sal ‘n bespotting van die Belhar Belydenis én die Skrif wees. Watter nut het dit as die NG Kerk-familie die Belhar Belydenis erken as belydenis, maar dit word nie gedoen omdat dit ‘n opregte belydenis in die harte van gelowiges in eenheid is nie? Uit die besware wat hierbo bespreek is, is daar ook groot rede om te verwag dat die Belhar Belydenis nie binnekort deur almal in die NG Kerk bely sal word nie.

Dit beteken egter nie dat die Belhar Belydenis onbelangrik is nie. Dit bly ‘n belydenis wat ‘n belangrike missionêre waarde vir die NG Kerk-familie inhou. Om ‘n rol te speel as dokument wat die NG Kerk missionêr help met haar roeping tot inheemswording in Suid-Afrika, is dit nie nodig dat die Belhar Belydenis deur almal as belydenis aanvaar hoef te word om waarde te hê nie. Dit kan steeds ‘n kragtige instrument in die inheemswording van die Kerk wees. Dit is *hierdie* missionêre waarde wat ondersoek word in die huidige studie. Die implikasies van die studie sover vir die herenigingsproses en die belydenisgrondslag van die Kerk sal nou bespreek word.

## 5.8 Implikasies vir die herenigingsproses en die belydenisgrondslag

Beide die voorlopige aard van Gereformeerde belydenisse en die groot verskeidenheid belydenisse in die Gereformeerde kerke het dit onmoontlik gemaak om van *een* Gereformeerde kerk te praat in die sin van een Lutherse kerk. Beteken dit dat die verskeidenheid en verdeeldheid van die Gereformeerde kerke ‘n swak punt of ‘n onvermydelike resultaat van hul sterkste oortuiging oor die unieke gesag van die Skrif is? Soos hierbo reeds gesê is, in die Gereformeerde tradisie word nie gesoek na *konfessionele eenheid* nie, maar daar is ‘n sterk klem op *konfessionele vryheid* van elke spesifieke kerk in sy verhoudings met ander. Die saambindende faktor, wat “bo alles” nodig is, is dat die leerstellings van die kerk oral en voortdurend op *die Heilige Skrif gegrond is*. Hierdie vryheid is ‘n baie belangrike eienskap wanneer dit kom by die wedersydse aanvaarding van belydenisse in die Gereformeerde kerke.

Maar dit is nie al nie. Newbigin gee ook 'n sleutel vir gebruik in hierdie situasie. In sy interkulturele missionêre ontmoeting wys hy op die vormingskrag van die Skrif in elke konteks of vir elke wêreldbeskouing. As daar in ag geneem word dat die lidmate van die NG Kerk en die VGKSA binne verskillende denkraamwerke leef, sal dit sin maak om te soek na 'n gesamentlike belydenis, of selfs 'n belydenis wat deur beide kerke ewe sterk aanvaar word, solank die lidmate in verskillende "wêrelde" leef, en dus voordat daar 'n hereniging plaasgevind het?

Die effek van apartheid is nou nog sigbaar, naamlik dat die mense van die NG Kerk en die mense van die VGKSA se leefwêreld dikwels ver uitmekaar is. Die realiteit van hierdie sosio-politieke geskeidenheid is wel besig om geleidelik te vervaag in 'n na-apartheid samelewing, veral in die stedelike gebiede, maar daar kan nog steeds gepraat word van verskillende denkraamwerke in die NG Kerk en die VGKSA (en die res van die NG Kerk-familie). Die herenigingsproses is op die oomblik te sensitief om op groot skaal by te dra tot 'n wedersydse begrip tussen hierdie wêreld. Sou eenwording tussen die NG Kerk en die VGKSA te vinnig plaasvind, kan kerkskeuring die gevolg wees, wat in elk geval negatiewe gevolge sal hê vir die dialoog tussen die wêreld van die NG Kerk en die VGKSA.

Hoe kan hierdie situasie opgelos word? Die realiteit is dat die Belhar Belydenis, die Laudium Declaration, Kerk en Samelewing en Geloofsverklaring 2000 almal dokumente is wat besondere waarde vir verskillende mense in die NG Kerk-familie het. Daar is geen rede waarom hierdie dokumente nie in die belydenisbasis van 'n toekomstige kerkorde vir die NG Kerk-familie opgeneem kan word, terwyl die "partikuliere" aard van hierdie dokumente beklemtoon word nie. Terselfdertyd kan die dilemma van die inwendige teenstrydigheid met die Belhar Belydenis opgelos word sodat 'n kerkhereniging kan plaasvind in vryheid.

Op die oomblik onderskei die Kerkorde van die NG Kerk die belydenisgrondslag as volg:

1.3 Die belydenisgrondslag wat die NG Kerk onderskryf en waaraan hy hom gebonde ag, is:

1.3.1 Die drie ekumeniese belydenisse, nl. die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius, wat die NG Kerk met die meeste ander Christelike kerke deel.

1.3.2 Die drie Formuliere van Eenheid, nl. die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, wat die NG Kerk met 'n aantal gereformeerde kerke deel en wat die eiendomlike van die NG Kerk is.

(NG Kerk 2004:91)



As daar in gedagte gehou word dat die Belhar Belydenis (en die ander genoemde dokumente) van groot (missionêre) waarde is vir die NG Kerk, en dat hierdie dokumente nie gaan verdwyn met 'n kerkhereniging nie, is dit nie 'n teken van Bybelse liefde, verdraagsaamheid en respek om wedersyds erkenning te gee vir dokumente wat al die kerke met hulle saambring in 'n herenigde kerk nie? Eintlik is al hierdie dokumente nodig sodat die verskillende wêrelde waarin die lidmate van die NG Kerk-familie leef, aangespreek kan word in die besinning oor die missie van die familie van NG Kerke as 'n nuwe Suid-Afrikaanse Gereformeerde Kerk.

Daar kan byvoorbeeld voorsiening gemaak word in 'n toekomstige Kerkorde vir "eietydse belydenisse, verklarings en getuienisse" waarvoor ruimte toegelaat word in terme van formele aanvaarding, maar wat op verskillende maniere in die Kerk gebruik kan word – onderhewig aan die gesag van die Skrif. Hierdie dokumente kan waarde toevoeg tot die missionêre besinning in die Kerk, en kan selfs lei tot die vorming van 'n gesamentlike eietydse belydenis of verklaring. Waar Barth baie klem lê daarop dat die eenheid van Gereformeerdes in hul vryheid onder gesag van die Skrif geleë is, het die familie van NG Kerke ook nog die realiteit dat hulle 'n eenheid besit in belydenis in terme van die drie Formuliere van Eenheid en die drie Ekumeniese belydenisse. Hierin lê alreeds 'n gesamentlike konfessionele basis. Die sake waaroor dit in die Belhar Belydenis gaan sal veel beter 'n realiteit kan word met so 'n klousule van "eietydse belydenis in vryheid" as wat dit op die oomblik gedien word terwyl die NG Kerk-familie nie tot hereniging kan oorgaan nie.

In die Kerk kan dit nie anders gebeur nie. *As die gelowiges in die NG Kerk-familie hul roeping en missie in Suid-Afrika ernstig opneem, móét hulle eenvoudig 'n weg vind om hul medegelowiges in liefde te hoor en te lei tot die eenheid van die Gees (Ef. 4).* Dit geld vir diegene wat die Belydenis van Belhar aanvaar as hul belydenis, sowel as vir diegene wat Belhar nie kan aanvaar nie. Dit geld vir diegene wat Laudium kan aanvaar, sowel as vir diegene wat dit nie doen nie. Dit geld vir dié wat Kerk en Samelewing onderskryf, sowel as vir hulle wat dit nie wil onderskryf nie.

## **5.9 Die missionêre implikasies van Karl Barth se insigte oor die karakter van Gereformeerde belydenisse**

Die missionêre implikasies van Karl Barth se beskrywing van die karakter van Gereformeerde belydenisse word duideliker binne die raamwerk van David Bosch (1991) se beskrywing van die missionêre paradigma waarbinne die Kerk haarself vandag bevind. Bosch (1991:368) praat van 'n "emerging ecumenical missionary paradigm" vir die hedendaagse Kerk.

Hy verwys na 'n belangrike verskuiwing wat plaasgevind het in die konferensies oor wêreldsending vanaf 1910:

The distinction between Christian and non-Christian countries was in principle abandoned. This meant that Europe and North America, too, had to be regarded as mission fields. The dividing lines no longer ran between "Christianity" and "paganism", between the church and the world, but through the church as well. We are all, at best, "Christopagans"...there has been an almost imperceptible shift from an emphasis on a church-centered mission (Tambaram) to a mission-centered church...The *missio Dei* institutes the *missiones ecclesiae*...In a pamphlet published soon after the Ghana Assembly, Newbigin summarized the consensus that had by now been reached: (1) "the church is the mission", which means that it is illegitimate to talk about the one without at the same time talking about the other; (2) "the home base is everywhere", which means that every Christian community is in a missionary situation; and (3) "mission in partnership", which means the end of every form of guardianship of one church over another (1958:25-38)

(Bosch 1991:370)

Hierin word 'n belangrike missionêre ontwikkeling sigbaar, wat groot implikasies inhou vir die verhouding tussen kerke in die wêreld, maar spesifiek ook in Suid-Afrika. Die kerk is sending, of anders gestel, die kerk is missionêr van aard. Elke Christelike gemeenskap bevind hom in 'n missionêre situasie. Sending is 'n missie wat in vennootskap met ander kerke moet plaasvind om effektief te geskied. Die ou sendingverhouding moet plek maak vir ekumeniese vennootskappe wat op alle vlakke van die samelewing 'n impak maak. Gelowiges van verskillende kerke, of verskillende gemeentes binne een of meer denominasie(s) vat hande om die nood rondom hulle, en verder weg, raak te sien en te verlig. Wanneer Barth se teologie van Gereformeerde belydenisse hiermee in verband gebring word, beteken dit dat daar 'n groter openheid tussen kerke kan ontstaan wat verskillende belydenisse het, maar 'n gemeenskaplike onderhorigheid aan die Skrif beoefen. Dit het vérreikende gevolge vir ekumeniese verhoudings, vennootskappe, samewerking en assosiasies tussen gemeentes.

As dit toegepas word op die verhouding tussen die familie van NG Kerke, kom een element sterk na vore: die interne verhoudings tussen die verskillende lede van die NG Kerk is op sigself 'n sendingveld. Hierdie kerke bevind hul in 'n land wat 'n missionêre situasie genoem kan word. Indien die NG Kerk-familie haar sending binne hierdie missionêre situasie (Suid-Afrika) effektief wil laat plaasvind, sal dit slegs in vennootskap met mekaar kan plaasvind. Die land roep daarna.

Die beginpunt hiervan is om indringend na mekaar te begin luister, maar om dit te doen sal die grense van die verlede oorgesteek moet word in 'n doelgerigte, georganiseerde poging om by mekaar uit te kom. Gemeentelede sal die grense van ou groepsgebiede moet oorstek om by hul medegelowiges aan die “ander kant”, in die “ander wêreld” uit te kom. Daar sal hulle in eerlikheid met mekaar moet praat oor geregtigheid, versoening en eenheid. Versoening is eers moontlik as niemand veronreg voel deur die ander nie. Eenheid is eers moontlik as mense met mekaar versoen word (omdat hulle met Christus versoen is).

### 5.10 Samevatting

Die doel van hierdie hoofstuk is om aan te toon dat:

- 1) Besware teen die Belhar belydenis te make het met uiteenlopende persepsies van Belhar, en verskillende benaderings in die gebruik en aanvaarding van belydenisse.
- 2) Die gedagte om aanvaarding van 'n belydenis te stel as voorwaarde vir kerkhereniging nie 'n Gereformeerde benadering is nie.
- 3) Die gedagte om die drie Formuliere van Eenheid as algenoegsame belydenisse vir alle tye te sien, ook nie 'n Gereformeerde benadering is nie.
- 4) Die missionêre waarde van Belhar daarin lê dat dit die gesprek oor egte belydenis geopen het vir 'n Suid-Afrikaanse konteks.
- 5) Die Gereformeerde benadering van belydenisse 'n alternatiewe deur oopmaak vir die gebruik van die Belhar Belydenis wat beide die positiewe én negatiewe emosies daar rondom in ag neem, sodat die interne teenstrydigheid van die eenwordingsproses ontkom kan word.
- 6) Die Gereformeerde benadering van belydenisse maak dit moontlik dat Belhar deel kan word van 'n gesprek oor belydenis ná hereniging en saam met ander dokumente soos Laudium, Geloofsverkering 2000, ens.
- 7) Die Belhar Belydenis steeds missionêre waarde het en as instrument tot inheemswording aangewend kan word, sonder dat dit as 'n belydenis aanvaar word.